

**'N WATERBALANSMODEL VIR BESPROEING GEBASEER OP PROFIELWATERVOORSIEN-
INGSTEMPO EN GEWASWATERBEHOEFTE**

deur

**A.T.P. Bennie, M.J. Coetzee, R. van Antwerpen,
L.D. van Rensburg & R. du T. Burger**

**Departement Grondkunde
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN**

**Verslag aan die
WATERNAVORSINGSKOMMISSIE**

PRETORIA

FEBRUARIE 1988

144/1/88

ISBN 0 908356 95 1

144/1/88

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

OPSOMMING/ABSTRACT	v
DANKBETUIGING	x
1. INLEIDING	1
1.1 Algemeen	1
1.2 Doel van die ondersoek	3
2. ONDERSOEK- EN METINGSPROSEDURE	4
2.1 Lokaliteite en gewasse	4
2.2 Waterweerstand op stremingspersele	4
2.3 Wortelontwikkeling	5
2.3.1 Bewortelingsdigtheid	5
2.3.2 Wortellengte-indeks	7
2.4 Waterinhoud	7
2.4.1 Kalibrasie van die neutronmeter	7
2.4.2 Gewaswaterverbruik	8
2.4.3 Kumulatiewe gewaswaterverbruik	9
2.5 Grondwaterveranderlikes	9
2.5.1 Waterretensiekurwes	9
2.5.2 Boonste grens van plantopneembare water	9
2.5.3 Onderste grens van plantopneembare water	10
2.5.4 Voorspellingsmodel vir matrikspotensiaal vanaf waterinhoud	12
2.5.5 Versadigde hidrouliese geleivermoë	13
2.6 Ander metings	15
2.6.1 Brutodigtheid	15
2.6.2 Blaarxileempotensiaal	15
2.6.3 Deeltjiegrootteverspreiding	15
2.6.4 Katioonadsorpsievermoë	16
2.6.5 Ander ontledings	16
3. DIE GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOEFFISIËNT VIR DIE VER- SKILLENDIGE GROND-PLANT KOMBINASIES EN DIE BEREKENING VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT	17

3.1	Inleiding	17
3.2	Berekening van die grond-wortelkonduktansie- koëffisiënt	20
3.2.1	Prosedure	20
3.2.2	Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir verskillende gewasse	24
3.3	Model waarmee die profielbeskikbare waterkapasiteit van 'n grond-gewaskombinasie voorspel kan word	25
3.3.1	Inleiding	25
3.3.2	Prosedure waarvolgens die profielbeskik- bare waterkapasiteit bereken word	27
3.3.3	Vergelyking van die voorspelde profielbe- skikbare waterkapasiteit met die gemete waardes	28
3.4	Faktore wat die profielbeskikbare waterkapasiteit van gronde beïnvloed	35
3.5	Samevatting	36
4.	EFFEK VAN WORTELVERSPREIDING OP DIE PROFIELWATERVOOR- SIENINGSTEMPO EN PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT VAN GRONDE	37
4.1	Inleiding	37
4.2	Vergelyking van die Rowse & Barnes en Gerwitz & Page modelle	42
4.3	Voorspelling van wortelverspreiding gedurende die groeiseisoen met die Gerwitz & Page-model	44
4.3.1	Beraming van die totale wortellengte per eenheid grondoppervlakte	44
4.3.2	Beraming van die verspreidingskonstante (f)	50
4.3.3	Toepassingsprosedure van die Gerwitz & Page model	53
4.4	Invloed van die verandering in wortelverspreiding op die profielwattervoorsieningstempo gedurende die groeiseisoen van die gewastipes	54

4.5	Invloed van die verandering in die wortelverspreiding op die profielbeskikbare waterkapasiteit gedurende die groeiseisoen van die gewastipes	56
4.6	Effek van bewortelingsdiepte op die profielwatervoorsieningstempo en profielbeskikbare waterkapasiteit	56
4.7	Prosedure van die model waarvolgens die profielbeskikbare waterkapasiteit en profielwatervoorsieningstempo deur simulاسie beraam word	59
4.8	Samevatting	61
5.	GEBRUIK VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEITE EN GEWASWATERBEHOEFTE VIR DIE BEREKENING VAN DIE TOEDIENINGSVEREISTES VAN BESPROEIINGSTELSELS	63
5.1	Inleiding	63
5.2	Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies	65
5.3	Daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes	70
5.4	Gebruik van die waterbehoeftekurwe, oesopbrengs-waterverbruiksfunksie en profielbeskikbare waterkapasiteit vir die berekening van die minimum daaglikse watertoedieningsvereiste van 'n besproeiingstelsel	72
5.5	Samevatting	83
6.	GEBRUIK VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT EN PROFIELWATERVORSIENINGSTEMPO IN WATERBALANS BESPROEIINGSKEDULERINGSMODELLE	84
6.1	Inleiding	84
6.2	Besproeiingskedulering met behulp van daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes	87
6.3	Besproeiingskedulering met behulp van die direkte meting van grondwaterinhoud en toelaatbare ont-trekking van plantbeskikbare water	92

6.4	Gekombineerde gebruik van die gewaswaterbehoeftekurwes en direkte meting van die toelaatbare onttrekking van plantbeskikbare water	93
6.5	Evaluering van die verskillende benaderings tot besproeiingskedulering	93
6.5.1	Prosedure	94
6.5.2	Koring	94
6.5.3	Grondbone	98
6.5.4	Mielies	100
6.6	Samevatting	103
7.	SAMEVATTENDE BESPREKING	106
	LITERATUURVERWYSINGS	109
	BYLAE	115

OPSOMMING

Om die mees effektiewe gebruik van besproeiingswater te verseker is dit noodsaaklik om die watertoediening sodanig te bestuur of skeduleer dat die plante op geen stadium aan plantwaterstremming onderwerp word nie of op 'n wyse waar die voorkoms en graad van plantwaterstremming beplan word. Plantwaterstremming sal intree wanneer die daaglikse gewaswater-behoefte die grondwatervoorsiening oorskry. Die daaglikse gewaswater-behoefte is hoofsaaklik van atmosferiese toestande en die eienskappe van die blaredak afhanklik terwyl die grondwatervoorsiening 'n funksie van wortelverspreiding en die wateropname deur en -voorsiening aan die wortels is.

Die potensiële watervoorsiening deur die grond-wortel sisteem aan die bogrondse plantdele, neem toe met 'n toename in bewortelingsdiepte en -digtheid en bereik 'n maksimum aan die begin van die reprodutiewe groeistadia van die meeste gewasse. Die verhouding tussen die werklike evapotranspirasie-aanvraag en die potensiële watervoorsieningstempo kan gebruik word om die stremmingsverhouding by spesifieke toestande te bereken.

Die potensiële watervoorsiening deur 'n homogene bewortelde grondlaag (i) kan met die volgende vergelyking bereken word:

$$LWVT_i = Fsr_i \cdot \ln(\theta_i / \theta_{oi}) \cdot (\pi Lv_i)^{1/2} \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \cdot z_i$$

waar $LWVT_i$ = watervoorsieningstempo deur laag i (mm dag⁻¹)
 Fsr_i = grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir laag i (mm² dag⁻¹ kPa⁻¹)
 Lv_i = bewortelingsdigtheid (mm wortels mm⁻³ grond) vir laag i
 θ_{oi} = volumetriese waterinhoud by $\psi_g = \psi_p$
 θ_i = volumetriese waterinhoud by laag i
 ψ_{gi} = matrikspotensiaal van laag i (-kPa)
 ψ_p = blaarxileempotensiaal (-kPa)
 z_i = dikte van laag i (mm).

Die sommering van $LWVT_i$ oor die totale bewortelingsdiepte, opgedeel in n lae, gee die potensiële profielwatervoorsieningstempo (PWVT) vir 'n spesifieke dag x.

$$PWVT_x = \sum_{i=1}^n LWVT_i$$

Die begin van grondgeïnduseerde plantwaterstremming word deur 'n stremmingsindeks (SI) wat 1 nader, aangedui. Die stremmingsindeks is die verhouding tussen die evapotranspirasie (ET) en PWVT n.l.:

$$SI_x = ET_x / PWVT_x$$

Die doelstellings met die projek soos vervat in die kontrak was as volg:

- i) Om die empiriese grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir verskillende grond-gewastipe kombinasies te meet.
- ii) 'n Wortelgroeimodel te vind waarmee die verandering in die bewortelingsdigtheid op verskillende gronddieptes deur die groeiseisoen voorspel kan word.
- iii) Om met behulp van die genoemde insette 'n simulasiemodel saam te stel waarmee die onderste of droë grens van plantopneembare water waarby 'n SI = 1 intree, vir verskillende situasies bereken kan word.
- iv) Om die verskil tussen veldwaterkapasiteit (boonste of nat grens van plantopneembare water) en die waterinhoud waarby stremming intree, n.l. die profielbeskikbare waterkapasiteit, te gebruik om besproeiingskedulering en die beplanning van besproeiingstelsels te verfyn.

Die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt is vir 'n groot verskeidenheid gronde gekombineer met koring, mielies, grondbone, katoen en erte binne die volgende besproeiingsgebiede gemeet n.l. Vaalharts, Sandvet tussen Bultfontein en Wesselsbron en Ramah langs die Oranjerivier naby Luckhoff. Daar is vasgestel dat die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt 'n funksie van die slik-plus kleipersentasie van 'n grond is.

'n Empiriese wortelgroei-model wat op die Gerwitz & Page-model gebaseer is, is ontwikkel en getoets. Hierdie model kan gebruik word om die verandering in die bewortelingsdigtheid van koring, mielies, grondbone en katoen in die grondprofiel gedurende die groeiseisoen, te voorspel.

Die ander veranderlikes wat vir die profielwatervoorsieningsmodel benodig word is ook bestudeer n.l.:

- i) 'n Regressiemodel waarmee die veldwaterkapasiteit van verskillende grondlae vanaf die persentasie slik plus klei bereken kan word is afgelei.
- ii) 'n Algemene waterretensievergelyking waarmee die matrikspotensiaal vanaf die volumetriese waterinhoud van 'n grondlaag bereken kan word is uit beskikbare vergelykings in die literatuur saamgestel. Die koëffisiënte vir dié algemene vergelyking kan maklik vanaf die slik- plus kleipersentasie bereken word.
- iii) Kritiese blaarxileempotensiale waarby ernstige plantwaterstremming geïdentifiseer is, is genoteer.

Al die gegewens is gebruik om 'n model saam te stel waarmee die profielbeskikbare waterkapasiteit van spesifieke grond-gewastipe kombinasies onder verskillende toestande en met verloop van die groeiseisoen, bereken kan word. Sodoende is die eerste tot derde doelstellings van die projek bereik.

Die vierde doelstelling van die projek het oor die gebruik en bestuur van die profielbeskikbare waterkapasiteit in die vasstelling van ontwerpvereistes vir besproeiingstelsels en in die skedulering van besproeiingswater, gehandel. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies is verfyn waarmee die totale gewaswaterbehoefte per seisoen bereken kan word. Daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes, waarmee die daaglikse gewaswaterverbruik by 'n spesifieke oesopbrengsmikpunt beraam kan word, is vir die onderskeie gewastipes afgelei. Formules is afgelei waarmee die watertoedieningsbehoefte van 'n besproeiingstelsel, met in agneming van

die profielbeskikbare waterkapasiteit en die gewaswaterbehoefte, bereken kan word.

Die verskillende wyses waarop die toediening van besproeiingswater geskeduleer kan word is gedemonstreer en in die praktyk uitgetoets. Die skedulering van besproeiing volgens die waterbalansmetode was suksesvol en dit is 'n eenvoudige en maklik bruikbare wyse van beheer oor watertoediening. Die metodiek waarvolgens 'n watertoedieningsprogram vir die hele groeiseisoen bereken kan word is volledig behandel en verduidelik. Dieselfde geld vir die prosedure waarvolgens 'n toelaatbare wateronttrekkingskurwe vir die hele groeiseisoen van spesifieke grond-gewastipe kombinasies bereken kan word. Om die toepassing van hierdie resultate in die praktyk te verseker en bespoedig is al die berekeningsprosedures in 'n rekenaarprogram, bekend as die besproeiingswater bestuursprogram (BEWAB) vervat.

Hierdie verslag bevat baie bruikbare inligting om besluitneming oor die toedieningsvereistes waarvoor 'n besproeiingstelsel vir 'n spesifieke grond-gewastipe kombinasie ontwerp behoort te word, te vergemaklik. 'n Eenvoudige goedkoop waterbalansmetode van besproeiingskedulering het goeie resultate gelever. Hierdie resultate kan met sukses in die besproeiingsgebiede van die Sentrale- en Westelike-Vrystaat, Noord-Kaapland en Wes-Transvaal aangewend word. Die benaderings wat gevolg is, is ook in die ander besproeiingsgebiede van toepassing maar omdat die vergelykings in die model hoofsaaklik empiries is word ander koëffisiënte vir ander klimaatstreke benodig.

Daar word beplan om die resultate en aanwending daarvan in die praktyk by wyse van publikasies en hoofsaaklik kort eendag-kursusse aan landboukundiges en boere bekend te stel. Verskeie boere gebruik reeds die metode van besproeiingskedulering.

Aspekte wat verdere navorsing regverdig is die volgende:

- i) 'n Detail ondersoek na die kwantifisering van die boonste grens van plantopneembare water.

- ii) Seisoenale gewaswaterbehoeftekurwes vir al die ander gewastipes wat onder besproeiing verbou word, word benodig asook die grondwortelkonduktansiekoëffisiënte daarvan.

DANKBETUIGING

Die navorsing waaroor in hierdie verslag gerapporteer word, spruit voort uit die volgende navorsingsprojek wat deur die Waternavorsingskommissie (WNK) gefinansier is: Die gebruik van die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt en stremmingsverhouding as insette vir die bepaling van die besproeiingsvereistes vir geselekteerde grond-plant-atmosfeer sisteme.

Die loodskomitee wat vir die projek verantwoordelik was, het uit die volgende persone bestaan:

Voorsitter	Dr. G.C. Green	Waternavorsingskommissie
Ondervoorsitter	Prof. J.J. Human	Universiteit van die O.V.S.
Sekretaris	Mnr. F.P. Marais	Waternavorsingskommissie
Lede	Mnr. D.S. van der Merwe	Waternavorsingskommissie
	Dr. D. Scotney	Dept. van Landbou en Watervoorsiening
	Dr. A.J. van der Merwe	Dept. van Landbou en Watervoorsiening
	Dr. D.A. Russell	Dept. van Landbou en Watervoorsiening
	Dr. A. Streutker	Dept. van Landbou en Watervoorsiening
	Mnr. P.F. Pretorius	Dept. van Waterwese
	Dr. P.C. Reid	Dept. van Waterwese
	Prof. H. van H. van der Watt	Universiteit van Pretoria
	Prof. M.C. Laker	Universiteit van Pretoria.

Die finansiering deur die WNK en die bydraes van die lede van die loodskomitee word met dank erken.

Dank word ook uitgespreek teenoor die Raad van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Rektore, die Registrateurs en personeel betrokke by die administrasie van die projek vir finansiële en ander ondersteuning.

'n Hartlike woord van dank en waardering vir hul samewerking aan die besproeiingsboere wat medewerkers van die projek was. 'n Volledige lys van name verskyn in Bylae 2.1 tot 2.5.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Algemeen

Die primêre regverdiging om fondse wat vanaf heffings op waterverbruik verkry is vir besproeiingsnavorsing aan te wend, is dat die verbeterde tegnologie wat sodoende ontwikkel word deur besproeiingsboere of hul adviseurs gebruik kan word om hul bestuursdoelwitte te bereik. Die resultate wat daardeur behaal word mag meetbaar wees in 'n beter finansiële verdienste, verminderde tegniese- of arbeidsinsette, hoër produksie per eenheid water of eenvoudig die wete of gemoedsrus dat die beste besluite, by die heersende beperkings, geneem is.

Volgens Jensen (1981) vaar die meeste besproeiingsboere besonder goed met die skedulering van besproeiing sonder die hulp van gesofistikeerde apparate of besluitnemingsdata. Hulle sal slegs nuwe tegnologie aanvaar indien daar direkte persoonlike voordeel daaruit sal voorspruit met die minimum koste implikasies en sonder dat daar hoë eise aan hul beperkte tyd gestel word. Indien die aanvaarding van nuwe tegnologie nie vir die besproeiingsboer ooglopende voordele inhou nie, maar eerder in lands- of publieke belang is, is subsidies nodig om die toepassing daarvan aan te moedig.

'n Basiese beginsel van die skedulering van besproeiingswater met meeste van die kommersiële besproeiingstelsels is dat die plantopneembare grondwaterreservoir en nie plantwaterstremming of atmosferiese aanvraag, bestuur word. Die intreding van plantwaterstremming dui daarop dat die vlak van die grondwaterreservoir te laag, a.g.v. verkeerde bestuur, gedaal het. Klimaatstoestande en hoofsaaklik die atmosferiese verdampingsaanvraag beïnvloed ook die tempo waarteen die vlak van die grondwaterreservoir sal daal. Kennis van al hierdie apsekte, n.l. die aaneengeskakelde grond-plant-atmosfeer kontinuum, is noodsaaklik vir die doeltreffende bestuur van die vlak van plantopneembare grondwater.

Om die vlak van die plantopneembare grondwaterreservoir so te bestuur dat die maksimum oesopbrengs met die minimum waterverbruik behaal word

moet die volume van die reservoir bekend wees. Hensley & De Jager (1982) het dit as die profielbeskikbare waterkapasiteit gedefinieer. Omvattende literatuuroorsigte oor plantopneembare water en die toelaatbare onttrekking daarvan voordat sekere grade van plantwaterstremming of oesopbrengs skade sal intree is deur Hensley & De Jager (1982) en Boedt & Laker (1985) onderneem. Die profielbeskikbare waterkapasiteit is die verskil in die profielwaterinhoud tussen die boonste of nat grens (veldwaterkapasiteit) en die onderste of droë grens van plantopneembare water. Beide hierdie grense is nie konstant nie maar is dinamies van aard.

Botha, Bennie & Burger (1983) het in 'n vorige ondersoek die invloed van wortelverspreiding op die toelaatbare onttrekking van plantopneembare water ondersoek. Hulle het 'n wiskundige model afgelei waarmee die potensiële watervoorsieningstempo van die grond-wortelsisteem aan die bogrondse plantdele, bereken kan word. Die verhouding tussen die waterverbruiks- of aanvraagtempo en die watervoorsieningstempo is deur Botha et al. (1983) as die grond- of voorsieningsgeïduseerde plantwaterstremmingsindeks gedefinieer. Die profielwaterinhoud waarby die stremmingsindeks gelyk aan 1, d.w.s. waar die voorsieningstempo gelyk aan die aanvraag raak, dui die onderste grens van plantopneembare water of profielbeskikbare waterkapasiteit aan waarby plantwaterstremming van 'n ernstige graad begin intree.

Volgens Botha et al. (1983) is die profielwatervoorsieningstempo 'n funksie van die volgende faktore:

- i) die grond-wortel konduktansiekoëffisient,
- ii) bewortelingsdigtheid,
- iii) die verhouding tussen die waterinhoud en die permanente verwelk-punt nl. die relatiewe waterinhoud,
- iv) die waterpotensiaalverskil tussen die plant en die grond.

Om hierdie model algemeen te kan toepas om die ontwerpvereistes van besproeiingstelsels vas te stel en riglyne vir besproeiingskedulering neer te lê, is dit nodig om twee van die insette nl. die grond-wortel

konduktansiekoëffisiënt en bewortelingsdigtheid te kan voorspel.

1.2 Doel van die ondersoek

Hierdie ondersoek het twee hoofdoelstellings gehad.

Eerstens was daar aandag geskenk aan wyses om die insetveranderlikes van die profielwatervoorsieningsmodel vanaf maklik meetbare kenmerke te beraam. Die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt is 'n konstante wat vir verskillende grond-gewastipe kombinasies bepaal moes word om die faktore wat 'n invloed daarop het, te identifiseer. Aandag moes ook aan wyses, waarop die bewortelingsdigtheid deur die grondprofiel voorspel kan word, geskenk word. Dit was ook noodsaaklik om oor 'n betroubare voorspellingsmodel vir grondwaterpotensiaal en die boonste grens van plantopneembare water, te beskik. Om in hierdie doelstellings te slaag moes dit moontlik wees om die verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit en profielwatervoorsieningstempo gedurende die groei-seisoen van die gekose gewastipes nl. koring, mielies, grondbone en katoen te kon voorspel.

Tweedens was dit nodig om die wyses waarop die voorspelde of gemete profielbeskikbare waterkapasiteit vir spesifieke grond- gewastipe kombinasies aangewend kan word vir die formulering van die ontwerpvereistes vir besproeiingstelsels en die verskaffing van bestuursriglyne vir besproeiingskedulering, te ondersoek. Dit kan by wyse van 'n maklik bruikbare rekenaarprogram, vir algemene toepassing in besproeiingsboerdery beskikbaar gestel word.

HOOFSTUK 2

ONDERSOEK- EN METINGSPROSEDURE

2.1 Lokaliteite en gewasse

Die ondersoek is op 'n aantal plase in drie besproeiingsgebiede, n.l. Sandvet, Vaalharts en Ramah, uitgevoer. By Sandvet is koring, mielies en grondbone op twee grondtipes, n.l. Hutton Mangano en Clovelly Annandale, ondersoek. Die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (stremmingstudie), seisoenale waterverbruikskurwe, wortelontwikkeling en evaluering van verskillende besproeiingskeduleringsbenaderings is op 'n aantal lokaliteite bepaal. Dieselfde metings, behalwe die evaluering van besproeiingskedulering, is op een katoenlokaliteit met 'n Clovelly Annandale, uitgevoer.

By Vaalharts is slegs die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt en wortelontwikkeling van koring, erte, mielies, katoen en grondbone vir verskillende grondtipes op 'n aantal lokaliteite gemeet.

By Ramah is die grond-wortelkonduktansie, seisoenale waterverbruikskurwe en wortelontwikkeling van koring, mielies, grondbone en katoen vir 'n aantal grondtipes op verskillende lokaliteite gemeet. Die voorgestelde besproeiingskeduleringsprogramme vir koring is gedurende die laaste helfte van 1987 daar uitgetoets. Die resultate sal as 'n afsonderlike publikasie beskikbaar wees.

Die algemene inligting en besonderhede van elke lokaliteit word in Bylaag 2.1 vir koring; 2.2 vir erte; 2.3 vir katoen; 2.4 vir grondbone en 2.5 vir mielies verstrek.

2.2 Waterweerhouding op stremmingspersele

Om die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vanaf die daaglikse evapotranspirasie te bereken en vir die in situ meting van die profielbeskikbare waterkapasiteit moet watertoediening verhoed word totdat die plante sigbare waterstremming toon. Die afskerming teen watertoediening is op twee wyses bewerkstellig. By koring, erte, katoen en grond-


bone is van 4 x 4 meter tydelike reënskerms gebruik gemaak. Die raamwerk van die reënskerms is van 20 mm aluminiumbuis, wat maklik inmekaar skuif, vervaardig. Die kante van die raamwerk is permanent met Uvidek bedek en die dak is slegs wanneer dit gereën het of besproei is, oorgetrek. Die konstruksie van die reënskerms word in Figuur 2.1 geïllustreer. By mielies te Sandvet en Vaalharts is dieselfde reënskerms, waarvan die sykante en nok na 2 en 2,5 meter onderskeidelik verhoog is, gebruik. Die mielies op Ramah het te hoog gegroei (3 + meter) in welke geval die grondoppervlak met plastiek seil bedek is. Die plastiek bedekking was ook 4 x 4 meter groot en die kante is in die grond ingegrawe en om elke plant en die toegangsbuise verseël met kleefband.

Twee neutronmeter toegangsbuise is in die middel van elke perseel geïnstalleer om die wateronttrekking te meet. 'n Nat verwysingsperseel, sonder 'n reënskerm maar met drie neutronmeter toegangsbuise is langsaan elke stremmingsperseel gebruik om verwysingsmetings van evapotranspirasie en blaarxileempotensiaal, onder dieselfde klimaatstoestande en tyd van meting, te verkry. Die evapotranspirasietempo en blaarxileempotensiaal van 'n stremperseel is met dié van die nat verwysingsperseel vergelyk om die begin van plantwaterstremming te identifiseer. Die eerste dag waarop visuele plantwaterstremming op die middag waargeneem is, is ook aangeteken. Die gegewens wat by elk van hierdie lokaliteite versamel is word in Bylae 2.1.2 tot 2.101.2, verstrek.

2.3 Wortelontwikkeling

2.3.1 Bewortelingsdigtheid

'n Gat 2 m lank, 0,5 m breed en 2,2 m diep is gegrawe. Die blootgestelde grondprofiel is aan een wand in 300 mm dik lae afgemerk. Duplikaat grondkerne, met 'n 100 mm deursnit en 1000 cm³ volume, is per laag gemonster en in 'n plastieksak geplaas. Die wortels is van die grond geskei deur die monster op 'n 0,5 mm sif te plaas en sorgvuldig die fyn materiaal met water deur die sif te was. Die wortels is per hand van die materiaal bo-op die sif geskei. Die wortellengte per monster is



FIGUUR 2.1: Illustrasie van die tydelike reënskerms wat gebruik is.

met 'n gemodifiseerde infrarooi wortel-lyninterseksieteller, soos beskryf deur Rowse & Phillips (1974), gemeet.

Die bewortelingsdigtheid van 'n laag is die wortellengte per monster gedeel deur die volume van die monster. Die metings is verskeie kere gedurende die groeiseisoen by sommige lokaliteite en slegs een of twee keer per seisoen by ander geneem. Waar slegs een keer gemeet is, is dit gedurende die laat vegetatiewe en vroeë reprodktiewe groeistadia, wanneer die maksimum wortelontwikkeling plaasgevind het, gedoen. Hierdie meting is waar moontlik met een in die vroeë vegetatiewe groeistadium, net voordat die periode van lineêre gewasgroei begin, aangevul.

2.3.2 Wortellengte-indeks

Die wortellengte per eenheid grondoppervlakte of wortellengte-indeks is met vergelyking 2.1 bereken.

$$L = \sum_{i=1}^n L v_i \cdot z_i \quad 2.1$$

waar L = wortellengte-indeks (mm wortels mm^{-2} grondoppervlakte)
 $L v_i$ = bewortelingsdigtheid van laag i (mm wortels mm^{-3} grond)
 z_i = dikte van laag i (mm)
 n = aantal bewortelde grondlae.

2.4 Waterinhoud

2.4.1 Kalibrasie van die neutronmeter

Alle waterinhoudmetings is met twee Campbell Pacific 503 DR neutronmeters geneem. Die appaarte is direk in volumetriese waterinhoud gekalibreer.

Die kalibrasieprosedure was soos volg: Ses staal toegangsbuise is in pare op drie posisies met verskillende waterinhoud ongeveer 10 m van mekaar tot 'n diepte van 2 m geïnstalleer. Die duplikaatbuise is 0,5 m van mekaar geïnstalleer. Neutronmeterlesings is op 300 mm intervale,

vanaf die grondoppervlak, geneem waarna 'n gat direk langs die buise tot 'n diepte van 2 m gegrawe is. Die gravimetriese waterinhoud en bruto-digtheid van die grond weerskante van die buis is op elke meetposisie, bepaal. 'n Lineêre regressie is op die tellingverhouding (tellings per minuut/standaardtelling) en die volumetriese waterinhoud gedoen om die kalibrasiekoëffisiënte te bepaal. Geen verskil het tussen die kalibrasiegrafieke van die verskillende grondlae, by al die gronde, voorgekom nie. Dieselfde kalibrasiegrafiek is vir die eoliese Sandvet- en Vaalhartsgronde gebruik en vir die alluviale Ramahgronde is 'n ander grafiek gebruik. Die neutronmeters is slegs aan die begin van elke seisoen gestandaardiseer waarna dieselfde standaardtelling vir die hele seisoen gebruik is.

2.4.2 Gewaswaterverbruik

Die wyse waarop die evapotranspirasie gemeet is kon afloop, onderskeping deur die blaredak en diep perkolasie ingesluit het hoewel voorsorg getref is om dit te verhoed. Om hierdie rede word daar in hierdie ondersoek na gewaswaterverbruik eerder as na evapotranspirasie verwys.

Drie neutronmeter toegangsbuise is per lokaliteit tot op 'n diepte van 2 m, of tot bokant 'n ondeurdringbare laag, geïnstalleer. Die buise is in die vorm van 'n driehoek 10 m vanmekaar gespaseer. By elke toegangsbuis is ook 'n reënmeter, direk bokant die blaredak van die gewas, geplaas om die hoeveelheid reën en besproeiing te meet. Die gemiddelde daaglikse gewaswaterverbruik is met vergelyking 2.2 bereken.

$$GWV = \left[\sum_{i=1}^n \Delta\theta_i \cdot z_i + R \right] / t \quad 2.2$$

waar GWV = gemiddelde gewaswaterverbruik (mm dag⁻¹)

$\Delta\theta_i$ = verandering in die waterinhoud van laag i tussen twee metings (v v⁻¹) dus $\Delta\theta = \theta_{x-1} - \theta_x$ waar x = metingsdag

z_i = dikte van laag i (mm)

R = reën plus besproeiing tussen twee metings (mm)

t = aantal dae tussen twee metings.

In die figure waar die gewaswaterverbruik as 'n funksie van dae na plant aangetoon is, n.l. die gewaswaterverbruikkurwes, is die GWV teenoor die middelste dag van die periode waarvoor dit gemeet is, gestip.

2.4.3 Kumulatiewe gewaswaterverbruik

Die totale waterverbruik vir opeenvolgende periodes is bymekaar getel om die kumulatiewe waterverbruik te gee. Dit is teen die laaste dag van elke periode gestip waar dit grafies teenoor dae na plant voorgestel is.

2.5 Grondwaterveranderlikes

2.5.1 Waterretensiekurwes

Waterretensiekurwes is op versteurde monsters van verskillende horisonte uit geselekteerde grondprofile van aldre gebiede, gedoen. Die monsters is tot die veld brutodigtheid gepak en volgens die metode van Richards (1954) met 'n drukplaatapparaat tot die verlangde matrikspontensiale gebring.

2.5.2 Boonste grens van plantopneembare water

Die boonste of nat grens van plantopneembare water (POW) is in situ by 'n verskeidenheid van lokaliteite gemeet. Twee neutronmeter toegangsbuise is 0,5 m vanmekaar tot bokant 'n ondeurdringbare horison of tot op 2 m by diep gronde geïnstalleer. 'n Dam van 1,5 x 1,5 m is om die buise gemaak en met water gevul. Na 2 dae is dit weer met water gevul en met plastiek bedek. Na verloop van 4 dae is die waterinhoud op verskillende dieptes gemeet waarna grondmonsters op ooreenstemmende dieptes langs die buise geneem is vir 'n deeltjiegrootte-analise. Die gemete waardes vir elke grondhorison word in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1 vir die lokaliteite verstrek.

Die boonste grenswaardes van POW het 'n hoogsbetekenisvolle lineêre korrelasie met die inhoud gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm n.l. die

slik plus klei-inhoud, gegee. Die resultaat word in Figuur 2.2 aangedui. Dit stem ook baie goed met dié van Boedt & Laker (1985) ooreen. Vergelyking 2.3 is afgelei vir die berekening van die boonste grens van POW of veldwaterkapasiteit vir gronde van die Sentrale- en Westelike-besproeiingsgebiede.

$$POW_{bo} = 0,0037 (S + K\%) + 0,139 \quad r^2 = 0,49 \quad 2.3$$

waar POW_{bo} = volumetriese waterinhoud wat die nat grens van POW verteenwoordig ($v \text{ v}^{-1}$)

$S + K$ = persentasie gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm of slik + klei %.


Vir sagte kalkkreet horisonte, wat redelik algemeen in sekere gebiede kan voorkom, word 'n konstante volumetriese waterinhoud van 0,345 aanbeveel.

2.5.3 Onderste grens van plantopneembare water


Vir die onderste of droë grens van POW is die waterinhoud by die standaard -1500 kPa permanente verwelkpunt geneem. Die -1500 kPa verwelkpunt is vanaf die waterretensiekurwes verkry. Dit het die beste korrelasie met die gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm getoon, soos in Figuur 2.3 aangedui word. Vergelyking 2.4 word aanbeveel vir die berekening van die volumetriese waterinhoud by die onderste grens van POW vanaf die slik- plus klei-inhoud van verwante gronde.

$$POW_{onder} = 0,00385 (S + K\%) + 0,013 \quad r^2 = 0,70 \quad 2.4$$

Dit is opvallend dat die lyne in Figure 2.2 en 2.3 parallel aan mekaar is. Die totale POW is daarom dieselfde vir alle gronde met 'n slik-plus klei-inhoud hoër as 8%, nl. 126 mm m^{-1} . Die berekende waardes, vir die verskillende grondlae en lokaliteite, word in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1 verstrekk.



FIGUUR 2.2: Verwantskap tussen die grofslik plus klei-inhoud van gronde en die boonste grens van plantopneembare water.



FIGUUR 2.3: Verwantskap tussen die grofslik plus klei-inhoud en die onderste grens (-1500kPa) van plantopneembare water.

2.5.4 Voorspellingsmodel vir matrikspotensiaal vanaf waterinhoud

Die dryfkrag vir dinamiese hidrouliese prosesse in gronde is 'n matrikspotensiaalverskil of matrikspotensiaalgradiënt. Die model waarmee die profielwatervoorsieningstempo (Afdeling 3.1) bereken word benodig die matrikspotensiaal as inset. Die matrikspotensiaal is nie in die veld gemeet nie en vir algemene toepassing van die model is dit noodsaaklik om die matrikspotensiaal redelik akkuraat vanaf die grondwaterinhoud met behulp van maklik meetbare parameters, te kan voorspel.

Verskeie gepubliseerde voorspellingsmodelle is in 'n voorlopige ondersoek gebruik. Die modelle van Campbell (1985) en Saxton, Rawls, Romberger & Papendick (1986) het die beste toepassingsmoontlikhede getoon. As 'n derde moontlikheid is die benadering wat deur Campbell & Campbell (1982) gebruik is effens aangepas na die volgende vorm.

$$|\psi_g| = a \left(\frac{\theta_{1500}}{\theta} \right)^c \quad 2.5$$

$$= 1500 \left(\frac{\theta_{1500}}{\theta} \right)^c \text{ wanneer } \theta = \theta_{1500} \text{ is } a = 1500 \quad 2.6$$

Indien die retensiegrafiek by -10 kPa matrikspotensiaal gepas word kan die eksponent c met vergelyking 2.7 bereken word.

$$c = -5,0056 / \ln (\theta_{1500} / \theta_{10}) \quad 2.7$$

waar $|\psi_g|$ = absolute waarde van die matrikspotensiaal (kPa)

θ_{1500} = volumetriese waterinhoud by die permanente verwelkpunt wat met vergelyking 2.4 beraam kan word ($v \ v^{-1}$)

θ = volumetriese waterinhoud en

θ_{10} = die volumetriese waterinhoud by -10 kPa matrikspotensiaal wat met vergelyking 2.8 beraam kan word.

'n Goeie korrelasie is tussen die slik plus klei persentasie en die volumetriese waterinhoud by -10 kPa matrikspotensiaal, wat vanaf die retensiekurwes afgelees is, verkry soos aangedui in Figuur 2.4 en vergelyking 2.8.

$$\theta_{10} = 0,0345 (S + K\%)^{0,611} \quad 2.8$$


$$r^2 = 0,76$$

Die algemene vergelyking waarmee 'n waterretensie- of -vrystellingskurwe vir 'n grondhorison beraam kan word is vergelyking 2.6. Die eksponent c in vergelyking 2.6 word met vergelyking 2.7 bereken vanaf die waterinhoude by -10 en -1500 kPa wat onderskeidelik met vergelykings 2.8 en 2.4 vanaf die persentasie slik plus klei bereken kan word.


Die laboratorium gemete waterinhoude by -10, -30, -60, -100, -300 en -1500 matrikspotensiaal (Afdeling 2.5.1) en die relevante grondeienskappe is gebruik om die ooreenstemmende matrikspotensiaal met die Campbell (1985), Saxton et al. (1986) en gewysigde Campbell & Campbell model, te voorspel. 'n Lineêre regressie is op die verwantskap tussen 239 pare gemete en voorspelde matrikspotensiaalwaardes uitgevoer. Die resultaat word in Figuur 2.5 aangedui. Die regressielyn wat die naaste aan die 1 : 1 lyn was, is as maatstaf geneem om die beste voorspellingsmodel te kies. Die gewysigde Campbell & Campbell en Saxton et al. (1986) modelle was albei parallel aan die 1 : 1 lyn en het beide dus deurgaans die matrikspotensiaal konstant oorvoorspel. Die gewysigde Campbell & Campbell model was die naaste aan die 1 : 1 lyn. Daar moet onthou word dat die insette vir die gewysigde Campbell & Campbell model vanaf die datastel waarteen dit getoets is, bereken is. Beide die Saxton et al. (1986) en gewysigde Campbell & Campbell model, soos beskryf in hierdie Afdeling, word dus aanbeveel. Die gewysigde Campbell & Campbell model is deurgaans in hierdie ondersoek gebruik en die c eksponent, vir gebruik in vergelyking 2.6, word in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1 verstrekk.

2.5.5 Versadigde hidrouliese geleivermoë

Die versadigde hidrouliese geleivermoë van geselekteerde versteurde grondmonsters, wat tot die veld brutodigtheid gepak is, is ook bepaal. Die konstante drukhoofmetode van Klute (1965) is gebruik. Die doel met hierdie metings was om dit, tesame met die waterretensiekurwes, te gebruik om die onversadigde hidrouliese geleivermoë te bereken. Die



FIGUUR 2.4: Die verwantskap tussen die grofslik plus klei persentasie en die volumetriese waterinhoud by -10kPa matrikspotensiaal.



FIGUUR 2.5: Vergelyking van gemete met voorspelde matrikspotensiale volgens verskillende modelle.

gemete waardes, vir die geselekteerde grondlae, word in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1 verstrek. Omdat die verwerking daarvan vir gebruik om die watervloed tussen grondlae te bereken 'n lae prioriteit was is dit weens die beperkte tyd nie verder gebruik nie. Die watervloed tussen grondlae is daarom in hierdie ondersoek as weglaatbaar klein, by die interpretasie van die data, beskou.

2.6 Ander metings

2.6.1 Brutodigtheid

Die brutodigtheid van die gronde is altyd volgens die kluitmetode, soos beskryf deur Blake (1965), bepaal. Die resultate word in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1 verstrek.

2.6.2 Blaaxileempotensiaal

Die blaaxileempotensiaal is met 'n Scholander drukkamer gemeet. Die metings is altyd tussen 12h00 en 14h00 gedoen. Die punt van die jongste volgroeide blaar van koring, mielies en grondbone is gebruik. By katoen en erte is die hele blaar plus blaarsteel gebruik. Die blaarsteel van erte is hol en 'n dun droë grashalm is in die hol stingel geplaas voordat die blaarstingel in die houer geplaas is. Wanneer die xileempotensiaal van grondbone in die blaarsteel gelees word gee dit onrealistiese hoë (-50 tot -100 kPa) waardes. Meer realistiese waardes is verkry deur die blaar 5 mm agter die blaarsteel of te sny. Die metings word in Bylae 2.1.2 tot 2.105.2 verstrek.

2.6.3 Deeltjiegrootteverspreiding

Die deeltjiegrootteverspreiding is volgens die pipetmetode, soos beskryf deur Day (1965), bepaal. Die deeltjies groter as 0,045 mm is na dispersie met 'n sif van die slik plus kleifraksies geskei. Die deeltjiegrootteverspreiding van die grondlae word in Bylae 2.1.1 tot 2.105.1, weergegee.

2.6.4 Katioonadsorpsievermoë

Die katioonadsorpsievermoë van die grondlae is bepaal om as 'n indeks van verskille in grondvrugbaarheid te dien. Die doel was om te bepaal of die KAV van gronde 'n effek op wortelgroei het. Die KAV van die grondlae is met die natriumasetaat logingsmetode wat deur Chapman (1965) beskryf is, bepaal. Die KAV-waardes van die grondlae word in Bylae 2.1.1 tot 2.105.1, weergegee.

Geen betekenisvolle verwantskap tussen KAV en bewortelingsdigtheid kon gevind word nie.

2.6.5 Ander ontledings

'n Standaard grondontleding wat die P-status, pH, uitruilbare katione ens. ingesluit het is vir elke lokaliteit gedoen om optimale grondvrugbaarheid na bemesting te verseker.

HOOFSTUK 3

DIE GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOEFFISIËNT VIR DIE VERSKILLENDIGE GROND- PLANT KOMBINASIES EN DIE BEREKENING VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKA- PASITEIT

3.1 Inleiding

Die vloeisisteen van wateropname deur plantwortels word deur Philip (1966) beskryf as 'n dinamiese fisiese kontinuüm en kan dus verdeel word in 'n aanvraag- en 'n voorsieningskomponent. Heersende atmosferiese toestande beheer die daaglikse aanvraagtempo en in kombinasie met karakteristieke grond-planteienskappe, kwantifiseer dit die evapotranspirasietempo of aanvraagskomponent. Die watervoorsieningstempo aan die vloeisisteen word volgens Botha, Bennie & Burger (1983) deur toestande in die grondwortelsisteen beheer.

Met die aanvaarding van Philip (1966) se beskouing, volgens Herkelrath, Miller & Gardner (1977), dat die voorsieningssisteen uit 'n netwerk konsentriese wortel- plus grondsilinders bestaan, word die berekening van die wateropnameprosesse vergemaklik. Volgens Gardner (1960), sal water binne so 'n konsentriese wortel- plus grondsilinder radiaal na die wortelxileem, vanweë 'n potensiaalgradiënt, beweeg. Die gradiënt kan gekwantifiseer word indien aanvaar word dat die blaarwaterpotensiaal wat bogronds gemeet is, gelyk aan die potensiaal in die xileem van die wortel is. Die buitenste grens (radius, r) van die onderskeie wortel-grondsilinders word deur die bewortelingsdigtheid (L_v) bepaal en kan volgens Barley (1970) met vergelyking 3.1 bereken word.

$$r = (\pi L_v)^{-1/2} \quad 3.1$$

Onder toestande van bestendige vloed word waterbeweging beskryf deur Richards se vergelyking:

$$\frac{d\theta}{dt} = K \frac{d\psi}{dr} \quad 3.2$$

waar θ = die volumetriese waterinhoud

t = die tyd

K = die hidrouliese geleivermoë van die grond en
 $d\psi/dr$ = die potensiaalgradiënt is.

Deur K te vervang met 'n gekombineerde grond-wortelgeleivermoë (K_{sr}) en vergelyking 3.1 in vergelyking 3.2 te substitueer kan vergelyking 3.2 vir die wortel-grondsilinder herskryf word as:

$$\frac{d\theta}{dt} = K_{sr} \cdot (\psi_g - \psi_p) \cdot (\pi L v)^{1/2} \quad 3.3$$

waar ψ_g = matrikspotensiaal van die grond (kPa)
 ψ_p = blaarwaterpotensiaal (kPa).

Botha, Bennie & Burger (1983) het 'n lineêre verwantskap tussen K_{sr} en die logaritme van die relatiewe waterinhoud (θ / θ_o) gekry. Die helling van die verwantskap is die grond-wortelkonduktansie-indeks of koëffisiënt (F_{sr}) genoem:

$$K_{sr} = F_{sr} \cdot \ln (\theta / \theta_o) \quad 3.4$$

waar θ = volumetriese waterinhoud
 θ_o = onderste of droë grens van plantopneembare water.

Substitusie van vergelyking 3.4 in 3.3 lewer:

$$\frac{d\theta}{dt} = F_{sr} \cdot \ln(\theta_i / \theta_o) \cdot (\pi L v)^{1/2} \cdot (\psi_g - \psi_p) \quad 3.5$$

Die maksimum transpirasievoorsieningstempo deur 'n homogene bewortelde grondlaag (i) is deur Botha et al. (1983) gedefinieer as die laagwatervoorsieningstempo (LWVT) en kan met vergelyking 3.6 bereken word.

$$LWVT_i = F_{sr_i} \cdot \ln (\theta_i / \theta_{oi}) \cdot (\pi L v_i)^{1/2} \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \cdot z_i \quad 3.6$$

waar $LWVT_i$ = watervoorsieningstempo deur laag i (mm dag^{-1})
 F_{sr_i} = grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir laag i ($\text{mm}^2 \text{ dag}^{-1} \text{ kPa}^{-1}$)
 Lv_i = bewortelingsdigtheid ($\text{mm wortels mm}^{-3}$ grond) vir laag i

- θ_{oi} = volumetriese grondwaterinhoud waar $\psi_g = \psi_p$
 θ_i = volumetriese grondwaterinhoud van laag i
 ψ_{gi} = matrikspotensiaal van laag i (kPa)
 ψ_p = blaarxileempotensiaal (kPa)
 z_i = dikte van laag i (mm).

Die sommering van $LWVT_i$ oor die totale bewortelingsdiepte opgedeel in n lae gee 'n geïntegreerde potensiele profielwatervoorsieningstempo (PWVT) vir 'n spesifieke dag (x).

$$PWVT_x = \sum_{i=1}^n LWVT_i \quad 3.7$$

Botha et al., (1983) het 'n stremmingsindeks (SI) vir grond- of voorsieningsgeïnduseerde plantwaterstremming gedefinieer as die verhouding tussen die ET en PWVT. 'n Waarde van neig na 1 sal die begin van ernstige grondgeïnduseerde plantwaterstremming aandui.

$$SI_x(\text{ernstig}) = ET_x/PWVT_x \quad 3.8$$

Om die begin van matige atmosferiesgeïnduseerde plantwaterstremming te voorspel is dit verkieslik om die verhouding tussen die potensiele evapotranspirasie (PET), wat gemeet of met behulp van erkende modelle bereken kan word en die PWVT te gebruik.

$$SI_x(\text{matig}) = PET_x/PWVT_x \quad 3.9$$

Botha et al., (1983) het gevind dat die uitdroging van 'n bewortelde laag direk eweredig aan die LWVT en PWVT is. Die verhouding tussen die LWVT en PWVT kan die onttrekkingsverhouding genoem word. Die verandering in die waterinhoud ($\Delta\theta_i$) van 'n grondlaag (i) op 'n spesifieke dag (x) kan met vergelyking 3.10 bereken word.

$$\Delta\theta_i = (ET_x \cdot LWVT_i) / (PWVT_x \cdot z_i) \quad 3.10$$

Die doel van hierdie studie was om die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}) op 'n empiriese wyse in die veld te meet. Dit is moontlik

indien al die veranderlikes in vergelykings 3.6 en 3.7 daaglikse gemeet word vir 'n gewas wat op 'n uitdrogingsprofiel is.

Die koëffisiënt (F_{sr}) vir 'n laag i kan met vergelyking 3.11 bereken word indien vergelyking 3.5 herskryf word.

$$F_{sr_i} = (d\theta_i/dt) / \left[(\pi L v_i)^{1/2} \cdot \ln(\theta_i/\theta_{oi}) \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \right] \quad 3.11$$

Hierdie metings is op 'n aantal lokaliteit en grondgewaskombinasies gedoen soos in Afdeling 2.1 beskryf is.

3.2 Berekening van die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr})

3.2.1 Prosedure

Die volgende aannames is met die berekening van F_{sr} gemaak:

- i) Dat die F_{sr} , soos die blaarxileempotensiaal, verteenwoordig 'n geïntegreerde waarde oor die totale bewortelingsdiepte, verteenwoordig dus $F_{sr} = F_{sr_i}$.
- ii) Omdat watertoediening gedurende die metingsperiode weerhou is, sodat die grondoppervlak droog kan bly, is aanvaar dat die verdampingskomponent van die gemete evapotranspirasie, in vergelyking met die transpirasiekomponent klein, was.
- iii) 'n Konstante daaglikse blaarxileempotensiaal, gelyk aan die gemete middag potensiaal, is aanvaar. Die daaglikse verskil in die effektiewe evapotranspirasietyd nl. ure teen maksimum blaarxileempotensiaal, sal daarom die berekende F_{sr} -waarde beïnvloed. Daar is ook aangeneem dat die blaarxileempotensiaal vir al die dae, tussen metings, dieselfde was. Die korreksie vir die gravitasieverskil tussen die gemete blaar en die middelpunt van elke laag is as weglaatbaar klein beskou.
- iv) Dat die bewortelingsdigtheid, wat 'n paar dae na die eerste me-

tings bepaal is, konstant oor die hele metingsperiode was. Die metings is in al die gevalle gedurende die vroeë reprodutiewe groeistadia geneem wanneer wortelgroei 'n maksimum bereik het en voordat betekenisvolle wortelafsterwing plaasgevind het.

- v) Die watervloed, a.g.v. 'n matrikspotensiaalverskil tussen lae, weglaatbaar klein in vergelyking met die wortelopname tussen metings was.

Die prosedure waarvolgens die verskillende relevante metings geneem is, is in Hoofstuk 2 beskryf. Indien genoemde aannames geldig is kan die Fsr tussen metings met vergelyking 3.12 bereken word:

$$Fsr = ET / \sum_{i=1}^n \left[(mL_{vi})^{1/2} \cdot \ln (\theta_i / \theta_{0i}) \cdot (\psi_{gi} - \psi_p) \cdot z_i \right] \quad 3.12$$

waar ET = gemiddelde evapotranspirasie tussen metings (mm dag^{-1}).

Die gemiddelde Fsr-waarde is vir elke tydinterval oor die metingsperiode bereken en word op die tabelle in Bylae 2.1.2 tot 2.105.2, vir die verskillende lokaliteite aangedui.

Die volgende prosedure is gevolg:

- i) Die ET-waardes is volgens die prosedure wat in Afdeling 2.4.2 bespreek is, bereken en word in die Bylae 2.1.2 tot 2.105.2 en 2.1.3 tot 2.105.3, aangedui.
- ii) Die bewortelingsdigthede vir ongeveer die middel van die metingsperiode is gebruik en die waardes word in die relevante Bylae 2.1.1 tot 2.105.1, weergegee (Afdeling 2.3).
- iii) Die werklik gemete θ_i -waardes, wat in die Bylae aangedui is, is gebruik (Afdeling 2.4.2).
- iv) Die werklik gemete blaarxileempotensiaal, soos aangedui in die Bylae, is gebruik (Afdeling 2.6.4).

- v) Die grondwaterpotensiaal vir elke laag is vanaf die grondwaterinhoud bereken deur die relevante koëffisiënte wat in Bylae 2.1.1 tot 2.105.1 verstrek word, te gebruik (Afdeling 5.4).
- vi) Die θ_{o_i} -waarde is verkry deur die matrikspotensiaal gelyk aan die middag blaarxileempotensiaal van 'n betrokke dag te stel. Dit is met vergelyking 3.13 bereken.

$$\theta_{o_i} = \theta_{1500} / \exp \left[(\psi_p / 1500) / c_i \right] \quad 3.13$$

Die c-waardes vir elke laag word in Bylae 2.1.1 tot 2.105.1 verstrek.

Die Fsr-waardes in die Bylae kan op verskillende wyses geïnterpreteer word om 'n enkelwaarde vir elke lokaliteit te verkry. Volgens die definisie van die ernstige stremmingsindeks is die PWVT gelyk aan die ET (stremmingsindeks = 1) wanneer ernstige plantwaterstremming waargeneem word. Vir die doel van hierdie ondersoek is twee parameters gebruik om ernstige plantwaterstremming te identifiseer. Eerstens is die punt waar die ET van die strempersseel drasties kleiner as die ET van die natpersseel en ook die Klas A panverdamping geword het, gebruik. Dit is met die punt waar die blaarxileempotensiaal van die strempersseel drasties laer as dié van die natpersseel gedaal het, vergelyk. Die profielwatertekort op die dag waarop die plantwaterstremming geïdentifiseer is, n.l. die verskil tussen die nat grens van plantopneembare water (Afdeling 2.5.1) en die waterinhoud binne die bewortelingsone, is 'n aanduiding van die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK). In praktyk behoort hierdie definisie van PBWK vergelykbaar met dié van Hensley & De Jager (1982) en Boedt & Laker (1985) te wees. Die totale watertekort wat gelyk aan die PBWK is d.w.s. waar stremming ingetree het, is op elke Bylaag onderstreep. Die gemiddeld van die twee Fsr-waardes op en net nadat die PBWK bereik is, is as die Fsr-waarde vir die betrokke grond-gewastipe kombinasie geneem.

3.2.2 Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte vir verskillende gewasse

Die dag waarop plantwaterstremming ingetree het is volgens die metode

TABEL 3.1. Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte (Fsr) vir koring, mielies, grondbone, katoen en erte by verskillende lokaliteite en gronde.

Koring		Mielies		Grondbone		Katoen		Erte	
Lokasiteit	Fsr x 10 ⁻⁵	Lokasiteit	Fsr x 10 ⁻⁵	Lokasiteit	Fsr x 10 ⁻⁵	Lokasiteit	Fsr x 10 ⁻⁵	Lokasiteit	Fsr x 10 ⁻⁵
	mm ² .dag ⁻¹ .kPa ⁻¹		mm ² .dag ⁻¹ .kPa ⁻¹		mm ² .dag ⁻¹ .kPa ⁻¹		mm ² .dag ⁻¹ .kPa ⁻¹		mm ² .dag ⁻¹ .kPa ⁻¹
W 1	2,34	M 75	2,53	G66	3,18	C55	0,74*	P42	2,91
W 2	2,31	M 76	1,29	G67	4,36	C56	1,46	P43	0,59*
W 9	1,87	M 77	1,29	G68	4,57	C57	4,12	P44	1,15
W10	1,12	M 78	0,84*	G69	3,14	C58	3,52		
W11	1,24	M 79	4,01	G70	3,41	C59	4,05		
W12	1,50	M 80	1,03	G71	6,43	C60	2,77		
W13	2,16	M 81	2,20	G72	4,35	C62	4,37		
W21	1,83	M 82	1,58			C63	1,31		
W23	2,79	M 83	4,17			C64	4,74		
W26	7,26	M 84	1,43						
W27	0,67*	M 85	2,10						
W28	3,23	M 96	1,59						
W29	2,40	M 97	2,67						
W30	3,24	M 98	5,53**						
W31	3,53	M 99	1,04						
W32	1,88	M100	2,82						
		M101	1,30						
Gem.	2,46	Gem.	2,20	Gem.	4,21	Gem.	3,01	Gem.	1,55

* Reeds gestrem

** Kalkryke grond.

wat in Afdeling 3.2.1 bespreek is, bepaal. Dit is in Bylae 2.1.2 tot 2.105.2 aangedui deur die profielwatertekort te onderstreep. Die rekenkundige gemiddeld van die berekende Fsr van die eerste en tweede stremmingsperiodes (Bylae 2.1.2 tot 2.101.2) is as die Fsr-waarde van die betrokke lokaliteit, geneem. Die resultate word in Tabel 3.1 gegee. 'n Aantal van die stremmingspersele was skynbaar reeds gestrem toe daar met die neem van metings begin is. Hierdie waardes is met 'n asterisk (*) in Tabel 3.1 aangedui. Fsr is met 'n verskeidenheid grondveranderlikes gekorreleer en die beste hoogs betekenisvolle korrelasie is met die gemiddelde persentasie slik plus klei (deeltjies kleiner as 0,05 mm) van die profiel, verkry. Die Y-afsnitte was vir al die gewasse baie naby aan 0 en daarom is die regressie deur die 0-punt geforseer. Die verwantskappe was lineêr vir al die gewasse en die regressiekoëffisiënte word in Tabel 3.2, verstrek. Die gevolg is dat 'n konstante Fsr-waarde vir 'n grond-gewastipe kombinasie verkry kan word deur die regressiekoëffisiënt in Tabel 3.2 met die gemiddelde grofslik-plus kleipersentasie van al die horisonte van 'n profiel te vermenigvuldig of om 'n afsonderlike Fsr-waarde vir elke horison te bereken.

TABEL 3.2. Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte vir verskillende gewasse.

Gewastipe	Aantal waarnemings	Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt	Korrelasiekoëffisiënt
		$\times 10^{-5} \text{ mm}^2 \text{ dag}^{-1} \text{ kPa}^{-1}$	
Koring	15	0,11 (S + K%)*	0,68
Mielies	16	0,11 (S + K%)	0,54
Grondbone	7	0,23 (S + K%)	0,89
Katoen	8	0,18 (S + K%)	0,59
Erte	2	0,13 (S + K%)	-

* (S + K%) = % grondpartikels kleiner as 0,05 mm.

Dit wil voorkom asof die klimaatverskil tussen die gebiede nie 'n noemenswaardige invloed op Fsr het nie. Die Fsr-waardes vir koring,

mielies en erte is van dieselfde orde grootte maar dié vir katoen en grondbone is hoër.

3.3 Model waarmee die profielbeskikbare waterkapasiteit van 'n grond-gewaskombinasie voorspel kan word

3.3.1 Inleiding

Matige grondgeïnduseerde plantwaterstremming sal by 'n stremmingsindeks van 1 intree, d.w.s. wanneer die profielwatervoorsieningstempo (PWVT) gelyk aan die potensiele evapotranspirasie of die gewaswaterbehoefte (Afdeling 5.3) is. Die gemiddelde kritiese $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding en blaarxileempotensiaal waarby ernstige stremming by die verskillende gewastipes ingetree het, word in Tabel 3.3 verstrekk. Die gemiddelde van die ET van die dag waarop ernstige plantwaterstremming ingetree het en die meting daarna is as die ET_{strem} geneem. Die ooreenstemmende waarde vir die natperseel is as die ET_{nat} geneem.

Indien die potensiele evapotranspirasie gelyk aan die daaglikse gewaswaterbehoefte (Afdeling 5.3) en die kritiese evapotranspirasie gelyk aan die daaglikse $GWB \times$ faktor in Tabel 3.3, gestel word verander die definisie van die stremmingsindeks na:

$$SI_{matig} = GWB/PWVT \quad 3.14$$

$$SI_{ernstig} = a.GWB/PWVT \quad 3.15$$

waar $a = ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding waarby stremming intree volgens Tabel 3.3.

TABEL 3.3. Kritiese evapotranspirasie en blaarxileempotensiaal waarby ernstige plantwaterstremming by verskillende gewastipes ingetree het.

Gewastipe	ET _{strem} : ET _{nat} verhouding	Blaarxileempotensiaal (kPa)	
		Stremperseel	Natverwysingsperseel
Koring	0,58 ± 0,17 (57%)*	2440 ± 227 (18%)	1979 ± 191 (19%)
Mielies	0,34 ± 0,07 (39%)	1814 ± 190 (21%)	1535 ± 144 (18%)
Grondbone	0,40 ± 0,09 (43%)	1494 ± 130 (17%)	974 ± 177 (36%)
Katoen	0,61 ± 0,11 (34%)	1830 ± 229 (25%)	1254 ± 240 (38%)
Erte	0,52 ± 0,12 (45%)	1850 ± 65 (7%)	1273 ± 78 (12%)
Gemiddeld	0,49 ± 0,12		

* Koëffisiënt van variasie

Die wateronttrekking (RO) uit 'n grondlaag (i) is eweredig aan die relatiewe watervoorsieningstempo, d.w.s. die verhouding tussen LWVT_i en PWVT_x, en kan met vergelykings 3.16 en 3.17 bereken word.

$$RO_i = (LWVT_i / PWVT_x) \cdot ET_x \quad 3.16$$

$$\Delta\theta_i = RO_i / z_i \quad 3.17$$

waar RO_i = wateronttrekking uit laag i (mm dag⁻¹)
 LWVT_i = watervoorsieningstempo van laag i (mm dag⁻¹)
 PWVT_x = watervoorsieningstempo van die profiel vir die spesifieke dag x. (mm dag⁻¹)
 ET_x = evapotranspirasie of gewaswaterbehoefte vir dag x (mm dag⁻¹)
 Δθ_i = verandering in die volumetriese waterinhoud vir laag i
 z_i = dikte van laag i (mm).

3.3.2 Prosedure waarvolgens die profielbeskikbare waterkapasiteit bereken word

Die insette wat benodig word is die grofslik plus kleipersentasie en bewortelingsdigtheid vir elke grondlaag en die kritiese blaarxileempotensiaal, grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt en daaglikse gewaswaterbehoefte of ET.

Die stapsgewyse prosedure waarvolgens die PBWK vir 'n grond-gewastipe kombinasie bereken word is die volgende:

- i) Bereken die c-koëffisiënt vir die waterretensievergelyking vir elke laag met vergelykings 2.4, 2.7 en 2.8.
- ii) Die waterinhoud word gelyk aan die boonste grens van POW vir elke grondlaag gestel en met vergelyking 2.3 bereken.
- iii) Stel die evapotranspirasie gelyk aan die daaglikse gewaswaterbehoefte, wat met vergelyking 5.3 vir 'n sekere oesopbrengsmikpunt bereken kan word, indien die ET onbekend is.
- iv) Stel die blaarxileempotensiaal gelyk aan die laagste waarde vir 'n nie-gestremde plant. Die waardes wat met hierdie studie verkry is word in Tabel 3.3 verstrekk. Die kritiese blaarxileempotensiaalwaardes wat uit die literatuur verkry is word in Tabel 3.4 verstrekk.
- v) Die grondwaterinhoud (θ_{0i}) nl. die onderste droë grens van POW vir elke laag, word met vergelyking 3.13 bereken.
- vi) Die grondwaterpotensiaal vir elke laag word vanaf θ_i met vergelyking 2.6 bereken.
- vii) Bereken die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir elke grondlaag met die relevante veranderlikes in Tabel 3.2.

- viii) Gebruik die gemete bewortelingsdigthede of indien dit onbekend is die beraamde Lv-waardes wat met die wortelgroeimodel wat in Afdeling 4.3.3 bespreek word, bereken kan word.
- ix) Die LWVT word vir elke laag met vergelyking 3.6 bereken en gesommeer (vergelyking 3.7) om die PWVT vir elke dag te gee.
- x) Die stremmingsindekse word met vergelykings 3.8 en 3.9 of 3.14 en 3.15 bereken.
- xi) Indien die ernstige stremmingsindeks kleiner as 1 is word die waterinhoud van elke laag volgens vergelyking 3.17 verlaag.
- xii) Stappe (vi) tot (xi) word herhaal totdat 'n SI_{ernstig} gelyk aan 1 bereik word.
- xiii) Die afname in die profielwaterinhoud vanaf die boonste grens van POW tot by die waterinhoud waarby die stremmingsindeks = 1 was, is gelyk aan die PBWK (vergelyking 3.18).

$$PBWK \text{ (mm)} = \sum_{i=1}^n (\theta_b - \theta_i) \cdot z_i \quad 3.18$$

- waar θ_b = volumetriese waterinhoud by die boonste grens van POW vir laag i
- θ_i = volumetriese waterinhoud van laag i waarby 'n ernstige stremmingsindeks = 1 bereik is
- z_i = dikte van laag i (mm).

3.3.3 Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit met die gemete waardes

Die simulasiemodel wat in Afdeling 3.3.2 bespreek is, is gebruik om die PBWK vir die verskillende stremmingslokaliteite in Bylae 2.1.2 tot 2.101.2 te voorspel. Die bewortelingsdigthede in Bylae 2.1.1 tot 2.101.1, wat met ongeveer die middel van die stremmingsperiode ooreenstem, is as inset gebruik. Die kritiese blaarxileempotensiale wat


gebruik is was koring -2400; grondbone -1500; mielies, katoen en erte -1800 kPa. Die voorspelde PBWK-waardes is geen toets vir die akkuraatheid van die model nie omdat meeste van die veranderlikes wat in die model gebruik word vanaf dieselfde datastel, afgelei is. Dit is egter wel 'n toets vir die geldigheid van die model.

TABEL 3.4. Kritiese blaarxileempotensiaal gedurende piekwaterbehoefte waarby plantwaterstremming begin intree vir verskillende gewastipes.


Gewastipe	Kritiese blaarxileempotensiaal	Verwysing
	kPa	
Koring	-1570	Shimshi (1979)
	-2400	Spamer (1980)
	-2400	Frank, Power & Willis (1973)
	-2440	Huidige ondersoek.
Mielies	-1700	De Klerk & Human (1982)
	-1814	Huidige ondersoek.
Grondbone	-1500 tot	Engelbrecht (1985)
	-1700	
	-1494	Huidige ondersoek.
Katoen	-1700 tot	De Bruyn & Human (1983)
	-1800	
	-1830	Huidige ondersoek.

Die resultate is in Bylae 3.1 tot 3.3 opgesom.

Die verspreiding van die waardes rondom 'n 1 : 1 lyn word in Figuur 3.1 vir koring, mielies en grondbone en in Figuur 3.2 vir katoen en erte, aangedui. Die voorspelde PBWK vir koring en grondbone het goed met die gemete waardes ooreengestem. Die oorvoorspelling by koring en erte is



Figuur 3.1: Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit van koring, mielies en grondbone by ernstige plantwaterstremming, met die gemete bewortelingsdigtheid as inset, teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit (o Boedt & Laker-regressiemodel).



Figuur 3.2: Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit van katoen en erte by ernstige plantwaterstremming, met die gemete bewortelingsdigthede as inset, teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit.

slegs 'n gevolg van 'n skynbaar te klein $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding (Tabel 3.3) wat gebruik is (Afdeling 3.4). Die voorspelde PBWK vir mielies, katoen en erte toon redelik variasie rondom die 1 : 1 lyn, maar die meeste waardes val binne die $\pm 10\%$ variasie wat op die figure aangedui is.

3.3.3.2 Voorspelde bewortelingsdigthede as inset


Die prosedure, soos beskryf in Afdeling 3.3.3.1, is herhaal maar die voorspelde of gesimuleerde bewortelingsdigtheid vir die dag waarop plantwaterstremming by elke lokaliteit ingetree het is as inset gebruik. Die volledige prosedure is in Afdeling 4.7 beskryf.

Die resultate word in Bylae 3.1 tot 3.5 verstrek. Die verspreiding van die waardes rondom 'n 1 : 1 lyn word in Figuur 3.3 vir koring en mielies en in Figuur 3.4 vir grondbone en katoen, aangedui.


Hierdie waardes verteenwoordig die PBWK-waardes soos dit met die model voorspel sal word, wanneer dit in die praktyk toegepas word. Volgens Figure 3.3 en 3.4 gee die model 'n redelik goeie voorspelling van die PBWK van koring, mielies en grondbone. Die waardes vir katoen varieër baie wat moontlik die gevolg van die effek van verdigting op wortelverspreiding kan wees.

3.3.3.3 Beraming van die profielbeskikbare waterkapasiteit met die Boedt & Laker (1985) modelle

Die PBWK vir koring en mielies is vir die lokaliteite, met gronde waarvan die slik plus kleipersentasie laer as 20% is, met die regressiemodelle van Boedt & Laker (1985), voorspel. Die katiooninhoud van die gronde is nie bepaal nie en gevolglik is dit onmoontlik om die struktuurindeks, wat vir gronde met meer as 20% slik plus klei benodig word, te bereken. Die beraamde PBWK-waardes is op Figuur 3.1 gestip en toon ook redelike variasie.



Figuur 3.3: Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit van koring en mielies by ernstige plantwaterstremming, met die voorspelde bewortelingsdigtheid as inset teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit.



Figuur 3.4: Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit van grondbone en katoen by ernstige plantwaterstremming, met die voorspelde bewortelingsdigthede as inset, teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit.


3.4 Faktore wat die profielbeskikbare waterkapasiteit van gronde beïnvloed

Die profielbeskikbare waterkapasiteit van gronde is van die volgende faktore afhanklik nê:

- i) die gronddiepte;
- ii) tekstuur;
- iii) kritiese blaarxileempotensiaal waarby stremming begin intree;
- iv) wortelverspreiding en bewortelingsdigtheid;
- v) die potensiële evapotranspirasietempo of die balans van die potensiële evapotranspirasie wat uit die grondprofiel onttrek word.

Die PBWK van gronde sal toeneem met 'n toename in diepte, slik plus kleinhoud en die kritiese blaarxileempotensiaal. Die invloed van wortelverspreiding op die PWVT word in Afdelings 4.4 tot 4.6 bespreek.

Die verhouding tussen die evapotranspirasietempo (ET) en die PWVT is die stremmingsindeks (SI). Hoe laer die ET hoe langer sal dit neem om 'n SI van 1 te bereik en hoe groter sal die PBWK waarde wees wat verkry word. In die praktyk word water teen 'n gemiddelde toediening per dag uitgedruk. Indien die watertoedieningstempo laer as die ET is, word die balans uit die profiel onttrek. Stremming sal dan eers intree wanneer die PWVT gelyk aan die verskil tussen die watertoedieningstempo en ET raak. Hoe kleiner verskil tussen die watertoedieningstempo en ET hoe groter PBWK sal verkry word. Om hierdie beginsel te illustreer is die grondtipe en wortelverspreiding van lokaliteit 1 as voorbeeld geneem. Die verwantskap tussen die PBWK, waar stremming by koring wat vir 'n $6\,000\text{ kg ha}^{-1}$ oesopbrengs besproei word kan intree, en verskillende gemiddeld daaglikse watertoedieningstempos gedurende die periode van piekwaterverbruik word in Figuur 3.5, aangetoon. Dit is duidelik dat die toelaatbare wateronttrekking uit die bewortelde profiel toeneem met 'n toename in die watertoedieningstempo of 'n afname in die verskil tussen die ET ($5,57\text{ mm dag}^{-1}$) en die watertoedieningstempo.



Figuur3.5: Verwantskap tussen die PBWK en die verskil tussen die ET en watertoedieningstempo vir koring.

3.5 Samevatting

Die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}) is die eweredigheidsfaktor wat die grond-wortelgeleivermoë gelyk aan die logaritme van die relatiewe waterinhoud stel. Die F_{sr} -waarde is onder veldtoestande vir koring, mielies, grondbone, katoen en erte op verskillende grontipes en klimaatstoestande gemeet. F_{sr} is direk afhanklik van grondtekstuur, n.l. die persentasie grondpartikels kleiner as 0,05 mm. Geen sterk gestruktureerde gronde is in die ondersoek ingesluit nie en gevolglik kon die effek van struktuur op F_{sr} nie bepaal word nie.

Die graangewasse koring en mielies het dieselfde en laagste F_{sr} en grondbone die hoogste waarde gehad. Die hoë F_{sr} van grondbone en die goed ontwikkelde wortelstelsel verseker dat grondbone 'n goeie profiel-watervoorsieningstempo aan die bogrondse plantdele het.

Die model waarmee die profielwatervoorsieningstempo en profielbeskikbare waterkapasiteit onder verskillende toestande bereken kan word hou toepassingsmoontlikhede vir besproeiingsontwerp en besproeiingskedule-ring in. Omdat die bewortelingsdigtheid van elke grondlaag 'n veranderlike inset in die model is, is dit noodsaaklik om die bewortelingsdigtheid redelik akkuraat te kan voorspel of vinnig en maklik te kan meet.

HOOFSTUK 4

EFFEK VAN WORTELVERSPREIDING OP DIE PROFIELWATERSVOORSIENINGSTEMPO EN PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT VAN GRONDE

4.1 Inleiding

Volgens Taylor & Klepper (1978) is daar minstens vier en twintig faktore wat wortelverlenging en bewortelingsdigtheid (L_v) kan beïnvloed. Die modellering van L_v blyk dus 'n saak van onmoontlikheid te wees en tog is daar in die laaste jare goeie vordering op hierdie gebied gemaak. Die meeste outeurs het L_v in terme van sekere grondtoestande en tyd beskryf (Hackett & Rose, 1972; Lungley, 1973; Bartos & Jameson, 1974; Gerwitz & Page, 1974; Page & Gerwitz, 1974; Hillel & Talpaz, 1976; Rowse & Barnes, 1979; Huck & Hillel, 1983; Weir, Bragg, Porter & Rayner, 1984; Porter, Klepper & Belford, 1986; Logsdon, Reneau & Parker, 1987).

Enige model wat die opname van water deur die wortels simuleer behoort voorsiening te maak vir die feit dat L_v met tyd verander (Taylor & Klepper, 1978). Waar L_v bekend is kan 'n realistiese skatting van die wateronttrekkingspatroon deur die plant gemaak word (Huck, 1977).

In hierdie studie is die profielwatersvoorsieningstempo (PWVT) met vergelykings 3.6 en 3.7 bereken met L_v as 'n inset. Om die PWVT so akkuraat as moontlik te kan voorspel moet L_v voorspel kan word.

Volgens Porter et al. (1986) kan die beskikbare wortelgroeimodelle in twee groepe verdeel word. Die een groep modelle kan L_v numeries simuleer en benodig gewoonlik tyd, die verlengingstempo van die verskillende wortelordes en wortelvertakkingsintensiteit as insette. Voorbeelde van hierdie groep is die modelle van Lungley (1973), Dexter (1978), Rose (1983) en Porter et al. (1986).

Die tweede groep modelle beskryf wortelverspreiding as 'n funksie van tyd met behulp van wiskundig gesimuleerde patrone. Voorbeelde van hierdie groep is die modelle van Gerwitz & Page (1974), Page & Gerwitz (1974), Hillel & Talpaz (1976) en Rowse & Barnes (1979).

Die volgende modelle is vooraf getoets n.l. Gerwitz & Page (1974), Page & Gerwitz (1974) en Rowse & Barnes (1979). Die modelle van Gerwitz & Page (1974) en Rowse & Barnes (1979) het die beste voorspelling van wortelverspreiding by 'n aantal geselekteerde lokaliteite gegee. Beide hierdie modelle is daarna meer intensief ge-evalueer.

Rowse & Barnes (1979) het 'n vergelyking gepubliseer waarmee die bewortelingsdigtheid (L_v) op diepte (Z) met vergelyking 4.1 bereken kan word indien die totale wortellengte (L) bekend is:

$$L_{v_i} = (L^{1/2}/m) \cdot \exp \left[-Z_i / (m \cdot L^{1/2}) \right] \quad 4.1$$

waar L_{v_i} = bewortelingsdigtheid van laag i (mm wortels mm^{-3} grond)
 Z_i = diepte vanaf die grondoppervlak na die middel van laag i (mm)
 L = totale wortellengte per eenheidgrondoppervlakte (mm wortels mm^{-2} grondoppervlakte)
 m = empiriese konstante wat met vergelyking 4.2 bereken kan word.

$$m = Z / (2,303 \cdot L^{1/2}) \quad 4.2$$

waar Z = diepte waarbinne 90% van L voorkom (mm).

Alternatiewelik is $m = Z/L^{1/2}$ waar Z die diepte is waarbinne 63% van L aangetref word.

Die wortelverspreiding met diepte word deur die faktor m beheer. As voorbeeld is 'n situasie waar $L = 3,5 \text{ mm mm}^{-2}$ is en die m -waardes gevarieër is, geneem. Die resultaat word in Figuur 4.1 geïllustreer. Hoe groter m word hoe minder wortels is in die bogrond en meer in die ondergrond. Die bewortelingsdiepte neem ook toe met 'n toename in m .

Die passingsgetrouheid van die Rowse & Barnes model is in Afdeling 4.2 ondersoek.

Gerwitz en Page (1974) het 'n empiriese model afgelei om die persentasie wortels op enige gegewe diepte te bepaal (Vergelyking 4.3).

$$P_i = 100 \left[1 - \exp(-f \cdot Z_i) \right] \quad 4.3$$

waar P_i = persentasie van die totale wortellengte (L) wat tot op diepte Z_i (mm) vanaf die grondoppervlak voorkom

f = empiriese konstante wat met vergelyking 4.4 bereken kan word.

$$f = 2,303 / Z \quad 4.4$$

waar Z = diepte waarbinne 90% van die totale wortellengte (L) aangetref word (mm).

Alternatiewelik is $f = 1/Z$ waar Z = die diepte waarbinne 63% van die totale wortellengte aangetref word.


Om die relatiewe wortellengte wat met vergelyking 4.3 bereken word na bewortelingsdigtheid vir 'n spesifieke laag (i) om te skakel kan vergelyking 4.5 gebruik word.

$$LV_i = L \left[(1 - \exp(-fZ_i)) - (1 - \exp(-fZ_{i-1})) \right] / (Z_i - Z_{i-1}) \quad 4.5$$


waar Z_i = diepte vanaf die grondoppervlak tot die onderkant van laag i.

Dieselfde wortellengte van $3,5 \text{ mm mm}^{-2}$, as by die voorbeeld in Figuur 4.1, is gebruik om die effek van 'n verandering in f op die wortelverspreiding met diepte in Figuur 4.2 te illustreer. Hoe groter f hoe meer wortels word in die bogrond en minder in die ondergrond voorspel en hoe vlakker is die bewortelingsdiepte.

Die getrouheid waarmee hierdie model die werklik gemete verspreiding van bewortelingsdigtheid met diepte pas, is in Afdeling 4.2 ondersoek.



Figuur 4.1: Effect van verschillende wortelverspreidings= koëfficiënte (m) op die verandering in die be= wortelingsdigtheid(L_v) met diepte.



Figuur 4.2: Effect van verschillende wortelverspreidings= koëfficiënte (f) op die verandering in bewortel= ingsdigtheid (L_v) met diepte.

4.2 Vergelyking van die Rowse & Barnes en Gerwitz & Page modelle

Om te bepaal watter een van die twee modelle gebruik moet word is die getrouheid waarmee dit die werklike verspreiding van bewortelingsdigtheid met diepte pas, as maatstaf gebruik. Dit is 'n vereiste dat dieselfde model regdeur die groeiseisoen geldig moet wees. Om hierdie rede is slegs die lokaliteite waar die bewortelingsdigtheid vier keer of meer gedurende die groeiseisoen gemeet is, gebruik (Afdeling 2.3.1 en Bylae 2.1.1 tot 2.105.1).

Die volgende prosedure is gebruik:

- i) Elke gewas n.l. koring, mielies, grondbone en katoen is afsonderlik ondersoek. Die metings op erte is op die meeste twee maal per seisoen gedoen. Slegs die drie lokaliteit, n.l. 2.42.1 tot 2.44.1, waar die metings twee keer gedoen is, is vir erte gebruik.
- ii) Die kumulatiewe toename in L (Afdeling 2.3.2) is vir elke monstertrekking teenoor diepte dit is tot die onderkant van elke grondlaag, gestip. Die diepte waarbinne 90% van L voorgekom het is vanaf elke grafiek afgelees en gebruik om die verspreidingskonstantes m en f met vergelykings 4.2 en 4.4 te bereken.
- iii) Die bewortelingsdigtheid vir elke laag is daarna met elk van die modelle, vergelykings 4.1 en 4.5, bereken.
- iv) Die datapare van gemete en berekende waardes van al die metings per lokaliteit is met lineêre regressie vergelyk en die model met die regressiekoëffisiënt naaste aan 1 en met die kleinste Y-afsnit (naaste aan 1 : 1 lyn) is as die beste passing beskou.

Die resultate word in Tabel 4.1 en Bylae 4.1 en 4.2 verstrek. Volgens die gemiddelde hellings en Y-afsnitte in Tabel 4.1 is die Rowse & Barnes (1979) model effens beter as die model van Gerwitz & Page (1974) vir koring (145 dae tot fisiologies ryp) en katoen, terwyl die model

van Gerwitz & Page (1974) die beste voorspelling vir koring (165 dae tot fisiologies ryp), erte en mielies gegee het.

Die voorspelde bewortelingsdigthede vir lokaliteite C62 tot C64 het swak met die gemete waardes gekorreleer (Bylaag 4.1). Daar kon geen verklaring vir hierdie verskynsel gevind word nie.

Beide die modelle wyk te vêr van die 1 : 1 lyn af by mielies en erte. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die modelle die L_v in die bogrond ondervoorspel. Die L_v van mielies en erte neem dus skerp van die bogrond na die ondergrond af. Gerwitz & Page (1974) het dieselfde waarneming by mielies gemaak. Die rede vir die skerp afname in L_v na die ondergrond is moontlik die teenwoordigheid van ondergrondverdigting wat wortelontwikkeling in die bogrond bevorder. Uit die bewerkingsproewe van Botha et al., (1983) is dit duidelik dat die L_v van mielies waar nie geskeurploeg is nie skerper na die ondergrond, as die L_v van mielies waar wel geskeurploeg is, afgeneem het.

Om die probleem reg te stel is die diepte parameter (Z) in die model van Gerwitz & Page (1974), vergelykings 4.3 tot 4.5, vervang met $Z^{1/2}$ (vergelyking 4.6).

$$L_{v_i} = L \left[(1 - \exp(-fZ_i^{1/2})) - (1 - \exp(-fZ_{i-1}^{1/2})) \right] / (Z_i - Z_{i-1}) \quad 4.6$$

Vergelyking 4.4 waarmee die wortelverspreidingskonstante bereken word verander na vergelyking 4.7.

$$f = 2,303/(Z)^{1/2} \quad 4.7$$

Dit was nie moontlik om die Rowse & Barnes-model aan te pas om die verspreiding in bewortelingsdigtheid met diepte op verdigte gronde beter te beskryf nie.

Die veranderde Gerwitz & Page-model (vergelyking 4.6) is gebruik om die L_v -waardes vir die mielies en erte lokaliteite te voorspel en 'n 1 : 1 toets uit te voer. Die regressiekoëffisiënte vir die 1 : 1 lineêre

regressie word in Bylaag 4.2 met dié van die nie-veranderde model vergelyk. Met die uitsondering van lokaliteite M82, M101 en P42 het die veranderde Gerwitz & Page-model heelwat beter voorspelling van Lv gegee. By die lokaliteite M82, M101 en P42 het die nie-veranderde Gerwitz & Page-model Lv beter voorspel. By aldrie hierdie lokaliteite was die grond diep, voor planttyd geskeurploeg en gevolglik was die afname in Lv met diepte meer geleidelik. Hieruit kan daar afgelei word dat die veranderde Gerwitz & Page-model slegs op situasies waar wortelgroei hoofsaaklik tot die bogrond beperk word, a.g.v. onder andere ondergrondverdigting, gebruik behoort te word.

Die gemiddelde regressiekoëffisiënt van al die lokaliteite word vir elk van die gewastipes in Tabel 4.1 verstrek. Die voorspellingswaarde van die twee modelle verskil baie min vanmekaar. Omdat dit moontlik is om die Gerwitz & Page-model aan te pas by die verandering in die Lv-verspreiding met diepte, a.g.v. veranderde grondtoestande, word die Gerwitz & Page-model gevolglik aanbeveel om die Lv-verspreiding met diepte, by 'n spesifieke wortellengte (L), vir die verskillende gewastipes te voorspel.

4.3 Voorspelling van wortelverspreiding gedurende die groeiseisoen met die Gerwitz & Page-model

Om die Gerwitz & Page-model te kan gebruik om die bewortelingsdigtheid deurlopend op 'n daaglikse basis in verskillende grondlae te voorspel word 'n beraming van die totale wortellengte (L) en die verspreidingskonstante (f) benodig.

4.3.1 Beraming van die totale wortellengte per eenheid grondoppervlakte

Die verandering in die wortellengte per eenheid grondoppervlakte (L) of die wortellengte-indeks volg dieselfde tendens as die verandering in blaaroppervlakte-indeks gedurende die groeiseisoen (Botha et al, 1983). Dit is vasgestel dat 'n derde orde polinomiese vergelyking (4.8) 'n goeie passing gee wanneer 'n regressie van dae na plant teen L gedoen word.

$$L = a_1 + a_2x + a_3x^2 + a_4x^3 \quad 4.8$$

waar x = dag na plant.

TABEL 4.1. Gemiddelde koëffisiënt vir die lineêre regressie van gemete teen berekende bewortelingsdigthede vir verskillende gewastipes (G & P - Gerwitz & Page en R & B - Rowse & Barnes).

Gewastipe	Regressiekoëffisiënt		Y-afsnit		R^2	
	G & P	R & B	G & P	R & B	G & P	R & B
Koring (145 dae tot fisio- logies ryp)	0,9638	0,97069	-0,005029	-0,008175	0,87	0,89
Koring (165 dae tot fisio- logies ryp)	0,88075	0,86262	0,040405	0,036412	0,89	0,89
Erte	0,7775 1,021*	0,74146 -	0,059302 -0,02462	0,053632 -	0,90 0,94	0,90 -
Katoen	1,0429	1,0263	-0,02104	-0,0206	0,62	0,62
Grondbone	0,92397	0,905	0,0063243	0,012882	0,76	0,73
Mielies	0,75066 1,0306*	0,7261 -	0,096088 -0,03664	0,094629 -	0,78 0,67	0,78 -

* Bewortelingsdigtheid vir mielies en erte bereken met die veranderde Gerwitz & Page-model, vergelyking 4.6.

'n Polinomiese regressie van dae na plant teen L is vir elk van die lokaliteite waar die wortelverspreiding meer as vier keer gemeet is, gedoen. Die regressiekoëffisiënte vir die verskillende lokaliteite word vir koring in Bylaag 4.3 en vir mielies, grondbone en katoen in Bylaag 4.4, verstrek.

Om 'n algemene vergelyking vir elk van die gewasse te verkry is die waarde van L vir 10-dag intervalle by elke lokaliteit bereken en na 'n relatiewe waarde, met vergelyking 4.9, herlei.

$$L_{\text{rel.}} = L/L_{\text{maks.}} \quad 4.9$$

waar $L_{\text{rel.}}$ = relatiewe wortellengte-indeks

L = wortellengte-indeks (mm wortel mm^{-2} grond oppervlakte)


$L_{\text{maks.}}$ = maksimum wortellengte-indeks wat gedurende die groeiseisoen bereik is.

Die relatiewe wortellengte-indeks vir die 10-dag intervalle word vir die verskillende gewasse en lokaliteite in Bylaag 4.5 vir koring met 'n 150 dae groeiseisoen; Bylaag 4.6 vir koring met 'n langer as 150 dae groeiseisoen; Bylaag 4.7 vir mielies; Bylaag 4.8 vir grondbone en Bylaag 4.9 vir katoen, gegee. Die gemiddelde waardes in elk van die Bylae is in 'n polinomiese regressie van dae na plant teen die relatiewe wortellengte-indeks, gebruik.


Die verandering in relatiewe wortellengte gedurende die groeiseisoen word grafies in Figuur 4.3 vir koring en Figuur 4.4 vir mielies, grondbone en katoen, voorgestel. Die regressiekoëffisiënte vir 'n algemene vergelyking vir elk van die gewasse word in Tabel 4.2, gegee. Die regressiekoëffisiënte in Tabel 4.2 kan gebruik word om met vergelyking 4.10 die wortellengte-indeks (L , mm mm^{-2}) op 'n spesifieke dag na plant (x) te bereken.

$$L_x = L_{\text{maks.}} (a_1 + a_2x + a_3x^2 + a_4x^3) \quad 4.10$$

waar $L_{\text{maks.}}$ = maksimum wortellengte-indeks wat gedurende die groeisei-



Figuur 4.3: Verwantskap tussen die relatiewe wortellengte van koring, dae na plant en groeistadiums.



Figuur 4.4: Verwantskap tussen die relatiewe wortellengte van mielies, grondbone en katoen, dae na plant en groeistadiums.

soen gemeet is.

TABEL 4.2. Regressiekoëffisiënte vir 'n algemene polinomiese vergelyking van relatiewe wortellengte-indeks ($L_{rel.}$) teen dae na plant (x)* vir koring, mielies, grondbone en katoen.

Gewastipe	Regressievergelyking	r^2	Gemiddelde maksimum L (mm mm ⁻²)
Koring: 145 dae tot fisiologies ryp, 150 dae groeiseisoen	$L_{rel.} = 0,0350129 + 0,003925191 x + 0,000151166 x^2 - 0,000001045 x^3$	0,95	$5,33 \pm 1,00^{**}$
Koring: 165 dae tot fisiologies ryp, 170 dae groeiseisoen	$L_{rel.} = 0,071974026 + 0,009283212 x + 0,000041558 x^2 - 0,000000419 x^3$	0,96	$9,86 \pm 3,12$
Mielies: 140 dae tot fisiologies ryp, 150 dae groeiseisoen	$L_{rel.} = -0,042237843 + 0,007522113 x + 0,000133692 x^2 - 0,000001106 x^3$	0,96	$9,40 \pm 1,61$
Grondbone: 160 dae groeiseisoen	$L_{rel.} = 0,067959236 + 0,010625559 x + 0,000096315 x^2 - 0,000001039 x^3$	0,96	$7,71 \pm 1,64$
Katoen: 180 dae groeiseisoen	$L_{rel.} = 0,053691046 + 0,009426667 x + 0,000013106 x^2 - 0,000000269 x^3$	0,98	$4,55 \pm 0,70$

* x >10 dae na plant

** 95% vertrouensinterval.

Die gemiddelde maksimum L vir elke gewastipe word in Tabel 4.2, verstrek. Hierdie waardes is geskik vir gebruik in modelle wat vir beplanningsdoeleindes aangewend gaan word (Afdeling 4.4 en 4.5). Vir meer akkurate studies word aanbeveel dat die wortellengte-indeks op die groeistadia wat in Tabel 4.3 vir verskillende gewasse aangedui is, gemeet word. Die prosedure is in Afdeling 2.3.2 bespreek.

TABEL 4.3. Aanbevole groeistadia waarop die maksimum wortellengte-indeks vir koring, mielies, grondbone en katoen gemeet kan word.

Gewastipe	Groeistadium	Dae na plant
Koring	Antese	100 - 120
Mielies	Antese/Groenmieliestadium	90
Grondbone		90 - 100
Katoen	Meer as 19 bolle aan plant	130

4.3.2 Beraming van die verspreidingskonstante (f) vir die Gerwitz & Page model

Wanneer die bewortelingsdigtheid by verskillende dieptes gemeet is kan f vanaf die grafiek van kumulatiewe L teen Z_n bereken word (Afdeling 4.2 punt ii).

Die volgende aannames is gemaak om f te beraam:

- i) Dat f hoofsaaklik 'n funksie van die bewortelingsdiepte op 'n gegewe tydstip is.
- ii) Die toename in bewortelingsdiepte of wortelgroei is van baie grondeienskappe afhanklik. Die effek wat grondtemperatuur, tekstuur, grondsterkte, suurstof, koolstofdioksied, water, opgeloste ammoniak, pH, kalsium, aluminium, koper, sink, lood, boor, mangaan, mikorriza en wortelsiektes op wortelgroei het word in Carson (1974) bespreek. Volgens Taylor & Klepper (1978) word wortelgroei geaffekteer word deur die soutgehalte van die grond (Jensen, 1975), nematodes (O'Bannon & Reynolds, 1965), onkruid-

ders (Vorderberg, 1961), etileen (Smith & Robertson, 1971) en nitraat, fosfor en kalium (Drew, 1975). Om hierdie redes is dit op hierdie stadium nog bykans onmoontlik of baie ingewikkeld om 'n meganistiese wortelgroei-model daar te stel vir alledaagse gebruik.

- iii) Dit is soos in die geval van die voorspelling van L geriefliker om 'n empiriese afgeleide f-waarde te gebruik om L_v te voorspel. Die voorspelde L_v kan gebruik word om met vergelykings 3.6 en 3.7 die verandering in die PWVT (Afdeling 4.4) en ook die verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (Afdeling 4.5) gedurende die groeiseisoen te beraam.

Die gemiddelde tempo waarteen die bewortelingsdiepte gedurende die groeiseisoen toegeneem het, nl. die gemiddelde wortelindringingstempo (WIT), is vir elk van die lokaliteite in Bylae 4.5 tot 4.9 bereken en word in die betrokke bylae aangetoon. Die invloed van tekstuur, KAV en brutodigtheid op die WIT (mm dag^{-1}) is ondersoek en geen bruikbare verwantskappe kon gevind word nie. Om hierdie rede sal 'n konstante WIT aanvaar word totdat dit moontlik is om die verandering in WIT beter vanaf grondeienskappe te kan voorspel.

Die gemiddelde WIT en die dag waarop die maksimum bewortelingsdiepte bereik is en waarna die WIT = 0 raak word in Tabel 4.3 gegee.

TABEL 4.3. Wortelindringingstempo en die dag waarop die maksimum bewortelingsdiepte gewastipes.

Gewastipe	Wortelindringingstempo	Maksimum bewortelingsdiepte
	mm dag ⁻¹	dae na plant
Koring (150 dae groeiëisoen)	17,68 ± 2,16	106 ± 11
Koring (langer as 150 dae groeiëisoen)	15,29 ± 2,03	119 ± 5
Mielies	24,00 ± 3,12	87 ± 10
Grondbone	22,05 ± 3,65	99 ± 14
Katoen	14,78 ± 0,95	133 ± 7

* 95% vertrouensinterval.

Die bewortelingsdiepte (Z_x , mm) op dag na plant (x) kan met vergelyking 4.11 bereken word.

$$Z_x = x \cdot (\text{WIT}) \quad 4.11$$

Die diepte waarop 90% van die totale wortellengte (L) voorkom is in Afdeling 4.2 (ii) bereken. Die verhouding tussen die diepte van 0,9 L tot die totale bewortelingsdiepte (Z) is bereken en die gemiddelde waardes word in Tabel 4.4 verstrek.

TABEL 4.4. Die gemiddelde relatiewe diepte (RD) waarbinne 90% van die totale wortellengte van die verskillende gewastipes aange-tref is.

Gewastipe	Koring (145*)	Koring (165*)	Mielies	Grondbone	Katoen	Erte
Relatiewe diepte (RD)	0,75 $\pm$ 0,02	0,7 $\pm$ 0,01	0,65 $\pm$ 0,04	0,75 $\pm$ 0,02	0,8 $\pm$ 0,02	0,7 $\pm$ 0,05

* Dae van plant tot fisiologiese rypwording.

Die verspreidingskonstante (f) kan dus met vergelykings 4.13 of 4.14, vir 'n spesifieke gewastipe en op x dae na plant, beraam word.

$$f_x = 2,303/RD \cdot Z_x \quad 4.12$$

Substitusie van vergelyking 4.11 in 4.12 gee vergelyking 4.13.

$$f_x = 2,303/(RD \cdot WIT \cdot x) \quad 4.13$$

Vergelyking 4.13 is geldig vir koring, grondbone en katoen en vir mielies en erte waar die grond diep geskeurploeg is voor plant. Waar die grond nie diep geskeurploeg is nie word die verspreidingskonstante f met vergelyking 4.14 vir mielies en erte bereken.

$$f_x = 2,303/(RD \cdot WIT \cdot x)^{1/2} \quad 4.14$$

4.3.3 Toepassingsprosedure van die Gerwitz & Page-model

Die Gerwitz & Page-model kan gebruik word om die bewortelingsdigtheid by verskillende dieptes gedurende die groeiseisoen te voorspel. Die aanbevole prosedure is as volg:

- i) Bereken L vir dag x na plant met vergelyking 4.10 en die relevante regressiekoëffisiënte en maksimum wortellengte in Tabel 4.2.


- ii) Bereken die wortelverspreidingskonstante f vir dag x met vergelyking 4.13 of 4.14. Indien die berekende bewortelingsdiepte (Z) groter as die werklike gronddiepte is word die bewortelingsdiepte (Z) gelyk aan die gronddiepte gestel.
- iii) Bereken die aantal grondlae n in die profiel as Z/z , waar z = dikte van die grondlae.
- iv) Bereken die bewortelingsdigtheid (L_v) vir elke grondlaag met vergelyking 4.5. Indien die grond nie vooraf diep vir mielies of erte geskeurploeg is nie word vergelyking 4.6 gebruik.

4.4 Invloed van die verandering in wortelverspreiding op die profiel-watervoorsieningstempo gedurende die groeiseisoen van die gewastipes

Dieselfde grondtipe, nl. die Hutton Shorrockes van lokaliteit 1 (Bylaag 2.1.1) met 'n onbeperkte bewortelingsdiepte, is met al die gewastipes gebruik om die effek van veranderende wortelverspreiding op die profielwatervoorsieningstempo te illustreer. Die wortelgroeimodel (Afdeling 4.3.3) is gebruik om die bewortelingsdigtheid op verskillende dieptes en dae na plant vir elke gewastipe te beraam. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT) is by 'n waterinhoud van al die grondlae gelyk aan die boonste grens van plantopneembare water (vergelyking 2.3) en 'n aanvaarde blaarxileempotensiaal van -1600 kPa met vergelykings 3.6 en 3.7, bereken.

Die verandering in die PWVT gedurende die groeiseisoen van die verskillende gewastipes by 'n optimale grondwaterinhoud, die hele bewortelde profiel by veldwaterkapasiteit, word in Figuur 4.5 geïllustreer. Die PWVT verhoog met 'n toename in wortelontwikkeling om 'n maksimum te bereik waarna dit afneem. Die PWVT van koring, mielies en katjen verskil min van mekaar en bereik onderskeidelik maksimum waardes van 8,11; 7,32 en 8,92 mm dag⁻¹. Grondbone bereik 'n maksimum van 14,07 mm dag⁻¹. Indien hierdie maksimum PWVT-waardes van die onderskeie gewastipes gelyk aan die gewaswaterbehoefte daarvan gestel word (Afdeling

5.3) kan die gemiddelde maksimum oesopbrengste, waarvoor beplan kan word, bereken word. Vir koring is dit byvoorbeeld $8,11 \times 100$ (Tabel 5.3) = 811 mm wat volgens die waterverbruiksfunksie (Tabel 5.1) 'n verwagte oesopbrengs van 8900 kg ha^{-1} , gee. Op dieselfde wyse word maksimum oesopbrengste van 11 300, 10 500 en 5 800 kg ha^{-1} vir mielies, grondbone en katoen verkry. 'n Voorvereiste is dat daar regdeur die seisoen aan die daaglikse gewaswaterbehoefte van die gewastipes voldoen moet word en die PBWK-tekort sal onder sulke toestande gelyk aan nul wees. Die oesopbrengsmikpunt van $10\,500 \text{ kg ha}^{-1}$ vir grondbone, vanaf die watervoorsieningstempo is egter onrealisties met die beskikbare kultivars.



Figuur 4.5: Verandering in die profielwatervoorsieningstempo van verskillende gewastipes op 'n 2 meter Hutton Shorrocks grond by veldwaterkapasiteit.


4.5 Invloed van die verandering in wortelverspreiding op die profiel-beskikbare waterkapasiteit gedurende die groeiseisoen van die gewastipes

Die invloed van die veranderende wortelverspreiding met verloop van die groeiseisoen is vir al vier gewastipes op dieselfde grondtipe geïllustreer, nl. die Hutton Shorrockes van lokaliteit 1 (Bylaag 2.1.1). Die bewortelingsdigtheidsverspreiding met diepte is met die wortelgroei-model (Afdeling 4.3.3) vir verskillende dae deur die groeiseisoen bereken. Die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK), by 'n ernstige en matige stremmingsindeks, is volgens die prosedure wat in Afdeling 3.3.2 beskryf is, bereken. Daaglikse gewaswaterbehoefte wat met die aanbevole oesopbrengste in Tabel 5.2 ooreenstem, en 'n veilige blaarxileempotensiaal van -1600 kPa vir al die groeistadiums van al die gewastipes, is gebruik.


Die verandering in die PBWK of toelaatbare profielwateronttrekking met verloop van die groeiseisoen word in Figuur 4.6 vir koring en mielies en in Figuur 4.7 vir grondbone en katoen, geïllustreer. Die soliede lyne in die figure stel die toelaatbare onttrekking, voordat ernstige plantwaterstremming begin intree en die stippellyne die begin van matige plantwaterstremming, voor. Die PBWK-tyd verwantskappe in Figure 4.6 en 4.7 stel die situasie vir die betrokke grond en oesopbrengsmikpunt voor. Indien die oesopbrengsmikpunt toeneem sal die PBWK laer wees en omgekeerd soos bespreek in Afdeling 3.4.

4.6 Effek van bewortelingsdiepte op die profielwatervoorsieningstempo en profielbeskikbare waterkapasiteit

Om die effek van grond- en dus ook bewortelingsdiepte op die PWVT en PBWK te illustreer is die grond van lokaliteit 1 met koring as voorbeeld gebruik. Dieselfde prosedure wat in Afdelings 4.4 en 4.5 gevolg is, is gevolg om die PWVT en PBWK onder dieselfde toestande te bereken maar waar die gronddiepte tot 1 meter beperk is. Dieselfde wortellengte is dus tot 1 meter gronddiepte beperk.



Figuur 4.6: Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit van koring en mielies gedurende die groeiseisoen.



Figuur 4.7: Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit van grondbone en katoen gedurende die groeiseisoen.

Die PWVT vir 'n 2,1 en 1 meter bewortelingsdiepte word in Figuur 4.8 met mekaar vergelyk. Die verhoogde bewortelingsdigtheid is volgens die model nie in staat om ten volle vir die verminderde bewortelingsdiepte te kompenseer nie. 'n Laer PWVT is die gevolg.

Die PBWK deur die groeiseisoen van die 2,1 en 1 meter grondprofile, vir 'n oesopbrengsmikpunt van $6\ 000\text{ kg ha}^{-1}$, word in Figuur 4.9 met mekaar vergelyk. Die PBWK van die vlakker grond is soos verwag kan word laer (Afdeling 3.4) maar dit is opvallend dat dit reeds vroeg in die seisoen 'n maksimum bereik waarna dit afneem. Dit is die gevolg van 'n laer PWVT.

4.7 Modelleringsprosedure waarvolgens die profielbeskikbare waterkapasiteit en profielwatervoorsieningstempo deur simulاسie bepaam word

Die prosedure waarvolgens die PWVT en PBWK op verskillende dae gedurende die groeiseisoen bereken kan word, word volledigheidshalwe hier opgesom:

- 1) Die slik plus kleinhoud (%) vir die verskillende dieptes in die profiel en die totale gronddiepte moet vooraf bekend wees.
- 2) Bereken die aantal grondlae (n) in die profiel op die verlangde dag (x) na plant.


$$n = (x \cdot \text{WIT}) / z \quad 4.15$$

waar z = arbitêre gekose dikte van die grondlae (mm)


WIT = wortelindringstempo (mm dag^{-1}) volgens Tabel 4.3

Indien die gronddiepte kleiner as $(x \cdot \text{WIT})$ is word die gronddiepte deur z gedeel.

- 3) Bereken L vir dag x met vergelyking 4.10 en die relevante regresiëkoëffisiënte en maksimum wortellengtes in Tabel 4.2.



Figuur 4.8: Vergelyking van die profielwatervoorsieningstempo deur 2,1 en 1,0 meter grondprofile by veldwaterkapasiteit.



Figuur 4.9: Vergelyking van die profielbeskikbare waterkapasiteit van 2,1 en 1,0 meter grondprofile vir 'n 6000 kg ha⁻¹ oesopbrengsmikpunt vir koring.

- 4) Bereken die wortelverspreidingskonstante (f) vir dag (x) met vergelyking 4.13 of 4.14. Indien die berekende bewortelingsdiepte groter as die werklike gronddiepte is word die bewortelingsdiepte gelyk aan die gronddiepte gestel.
- 5) Bereken die bewortelingsdigtheid (L_v) vir elke grondlaag met vergelyking 4.5. Indien die grond vir mielies of erte nie vooraf diep gerip is nie word vergelyking 4.6 gebruik.
- 6) Bereken die c -koëffisiënt vir die waterretensievergelyking vir elke laag met vergelyking 2.7. Die θ_{10} - en θ_{1500} -waardes word onderskeidelik met vergelykings 2.8 en 2.4, bereken.
- 7) Bereken die boonste grens van POW vir elke laag met vergelyking 2.3 of gebruik die werklik gemete waterinhoud vir elke laag.
- 8) Stel die blaarxileempotensiaal gelyk aan die laagste waarde vir 'n nie-gestremde plant. Gidswaardes word in Tabel 3.4 verstrekk.
- 9) Die grondwaterinhoud (θ_0) vir elke laag, waar die potensiaalverskil tussen die grond en wortelxileem nul is, word met vergelyking 3.13 bereken.
- 10) Bereken die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}) vir elke laag (Tabel 3.2).
- 11) Bereken die grondwaterpotensiaal vir elke laag met vergelyking 2.6.
- 12) Die LWVT word vir elke laag met vergelyking 3.6 bereken en met vergelyking 3.7 gesommeer om die PWVT vir dag x te gee.
- 13) Bereken die stremmingsindekse (SI) met vergelykings 3.9 en 3.10. Indien die evapotranspirasietempo onbekend is kan dit gelyk aan die daaglikse gewaswaterbehoefte gestel word, wat met vergelyking

5.3 vir 'n sekere oesopbrengsmikpunt, bereken kan word. Die stremmingsindekse word dan met vergelykings 3.14 en 3.15 bereken.

14) Om die PBWK by die heersende toestande te bereken word die volgende prosedure gebruik.

- i) Indien die SI ernstig kleiner as 1 is word die waterinhoud van elke laag volgens vergelyking 3.17 verlaag.
- ii) Stappe 11 tot 14 word met die nuwe waterinhoud vir elke laag herhaal totdat 'n SI ernstig = 1 bereik word.
- iii) Die PBWK word dan met vergelyking 3.18 bereken.

4.8 Samevatting

Die Gerwitz & Page (1974) wortelverspreidingsmodel is aangepas om wortelgroei gedurende die groeiseisoen met behulp van empiriese regressiekoëffisiënte te simuleer. Dit is ook moontlik om die model te wysig om voorsiening vir die effek van grondverdigting op mielies en erte te akkomodeer.

Die beskikbaarheid van 'n wortelgroeimodel maak dit moontlik om die profielwatervoorsieningstempo (PWVT) en stremmingsindeks op enige dag gedurende die groeiseisoen te bereken. Dieselfde geld vir die profiel-beskikbare waterkapasiteit (PBWK). Die verandering in PBWK, vir 'n spesifieke grond-, gewastipe kombinasie teenoor die dae na plant kan as 'n handige hulpmiddel in besproeiingskedulering en ontwerp van besproeiingstelsels gebruik word. So ook die verwantskap tussen die PWVT en dae na plant vir 'n spesifieke grond-gewastipe kombinasie. Hierdie aspekte sal in die volgende hoofstukke behandel word.

HOOFSTUK 5

GEBRUIK VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT EN GEWASWATERBEHOEFTE VIR DIE BEREKENING VAN DIE TOEDIENINGSVEREISTES VAN BESPROEIINGSTELSELS

5.1 Inleiding

Die bestuur van besproeiingswater op plaasvlak kan slegs effektief wees wanneer die besproeiingstelsel by die toedieningsvereistes van die skeduleringsprogram wat gevolg gaan word aangepas is, of omgekeerd. Dit is 'n redelik algemene praktyk om besproeiingstelsels so te ontwerp dat dit in die gemiddelde daaglikse waterverbruik, gedurende die periode van piekverbruik van 'n gewas, kan voorsien. Hierdie benadering is aanvaarbaar vir vlak gronde met 'n lae profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) of toelaatbare onttrekking wat noodsaak dat die besproeiingsaanvulling met die plantwaterverbruik tred moet hou.

Die PBWK dui nie net die vlak van toelaatbare wateronttrekking van 'n grond aan nie maar ook die stoorkapasiteit daarvan ten opsigte van plantopneembare water. 'n Grond of land met 'n gemiddelde PBWK van 100 mm kan gevolglik 1000 m^3 water ha^{-1} stoor, of vir 'n periode van 50 opeenvolgende dae die toediening van besproeiingswater met 2 mm dag^{-1} , aanvul. Gevolglik kan die ontwerpvereistes van die besproeiingstelsel dienoreenkomstig aangepas word. Wanneer die PBWK op hierdie wyse in die ontwerp van besproeiingstelsel verreken is, is dit noodsaaklik dat die toediening van besproeiingswater so geskeduleer word dat die grondprofiel tot naby veldwaterkapasiteit opgevul is voordat die aanwending van die PBWK om die besproeiingstekort aan te vul, begin.

Die inskakeling van die PBWK as 'n ontwerpkr iterium om die piekwatertoe-diening van 'n besproeiingstelsel aan te vul berus op 'n aantal beginsels wat aan die hand van Figuur 5.1 verduidelik kan word. Die waterverbruikspatroon en PBWK vir die gewas -grond kombinasie, wat besproei gaan word, met die grootste daaglikse waterbehoefte moet bekend wees. Die vereistes van 'n effektiewe besproeiingskeduleringsprogram sal in Hoofstuk 6 bespreek word. Een van die vereistes is dat die reënval wat gedurende die groeiseisoen voorkom effektief benut moet word. Dit kan verseker word deur nooit die hele ontginbare grondprofiel tot veldwa-


terkapasiteit te benat nie maar om altyd voldoende opgaringskapasiteit vir reënval te laat. In die voorbeeld in Figuur 5.1 sal die benutbare PBWK (150 mm) dan gelyk wees aan die werklike PBWK (180 mm) minus die gereserveerde opgaringskapasiteit vir reënval (30 mm). Die gemiddelde daaglikse waterverbruik waarbo die oppervlakte onder die kurwe, aangedui as oppervlakte A in Figuur 5.1, gelyk is aan die benutbare PBWK, word deur integrasie bepaal. Dit is die minimum effektiewe daaglikse toedieningsvereiste waarvoor die stelsel ontwerp behoort te word, naamlik $6,5 \text{ mm dag}^{-1}$ vir die voorbeeld in Figuur 5.1. Hierdie waarde moet met die toedieningsdoeltreffendheid van die beplande stelsel gekorrigeer word om die daaglikse toedieningsbehoefte waarvoor die stelsel ontwerp behoort te word te kry byvoorbeeld vir 'n stelsel wat 'n 75% doeltreffendheid het sal die ontwerp vir $6,5/0,75 = 8,66 \text{ mm dag}^{-1}$ gedoen moet word.

In die voorbeeld is dag 55 die begin van die periode waartydens minder water toegedien as wat onttrek sal word. Op hierdie wyse word die optimum kapasiteit vir reënopgaring gereserveer. Dit is verkieslik dat die reserwe toedieningskapasiteit van die besproeiingstelsel, aangedui as oppervlakte B in Figuur 5.1, gelyk aan of groter as die benutbare PBWK moet wees. Dit verseker dat daar voldoende watertoedieningskapasiteit beskikbaar is om met 'n droë grond met planttyd te kan begin en die benutbare PBWK op te vul deur stelselmatig meer water, as wat die plantbedekking gebruik, toe te dien.

Die totale waterbehoefte van 'n gewas, om 'n verwagte oesopbrengs te produseer, word benodig om vanaf die beskikbare water die oppervlakte te bereken wat beplant kan word. Hiervoor word die oesopbrengs-waterverbruiksfunksie van elke tipe plant, benodig. Hierdie verwantskap is reglynig wanneer al die produksie-insette soos byvoorbeeld kultivarkeuse, bemesting, stand, plantdatum, watertoediening, onkruid en plaagbeheer optimaal is. Oorsigartikels oor produksie-waterverbruiksfunksies is onlangs deur Hanks (1983) en Vaux & Pruitt (1983), gepubliseer.

Daar sal gepoog word om in hierdie hoofstuk riglyne vir die ontwerp van besproeiingstelsels vir die semi-ariëde tot ariëde klimaatstreke van

Suid-Afrika vir koring, mielies, grondbone en katoen, te verskaf.



FIGUUR 5.1. Hipotetiese voorstelling van 'n gemiddelde daaglikse waterbehoeftekurwe van 'n gewas oor 'n 160 dae groeiseisoen en 'n grond met 'n benutbare PBWK van 150 mm.

5.2 Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies

Die kumulatiewe waterverbruik en die saadopbrengs van koring, mielies en grondbone en die saad plus lintopbrengs van katoen is by die volgende lokaliteite gemeet naamlik koring (W12, W13, W22 - W34), mielies (M78, M82, M96 - M100, M103), grondbone (G69 - G74) en katoen (C62, C63). Die oesopbrengste word in Bylae 2.1 tot 2.5 en die waterverbruik in Bylae 2.12.3 tot 2.103.3, verstrek.

Die oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir die onderskeie gewasse word in Figure 5.2 (koring), 5.3 (mielies), 5.4 (grondbone) en 5.5 (katoen) en in Tabel 5.1, weergegee.

TABEL 5.1. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir koring, mielies, grondbone en katoen wat in semi-ariëde gebiede verbou is.

Gewastipe	Funksie	Bron
Koring	$Y = 11,38 X - 340 \quad r^2 = 0,78$ $Y = 12,33 X - 660$ $Y = 10,05 X - 850 \quad r^2 = 0,68$	W12, W13, W22 - W34, Bloemfontein droëland data Streutker (1983a) Greacen & Hignett (1976)
Mielies	$Y = 18,05 X - 3274 \quad r^2 = 0,80$ $Y = 14,0 X - 2600$	M78, M82, M96 - M100 Streutker (1983b)
Grondbone	$Y = 7,95 X - 2231 \quad r^2 = 0,75$ $Y = 6,99 X - 1870$	G69 - G74 Streutker (1983b)
Katoen	$Y = 7,25 X - 2176$ $Y = 4,83 X + 850$	C62, C63 Streutker (1983b)
Waar Y = oesopbrengs (kg ha^{-1}) X = kumulatiewe waterverbruik of evapotranspirasie (mm).		

Die datapunte in Figuur 5.2 is met gegewens aangevul wat op dieselfde wyse onder droëlandtoestande te Bloemfontein versamel is. Die funksie is met funksies wat deur Streutker (1983a) en Greacen & Hignett (1976) verkry is, vergelyk. Dit stem goed met dié van Streutker (1983a) ooreen en die afwyking wat vanaf die Greacen & Hignett (1976) funksie voorkom kan aan 'n verskil in die verdampingskomponent (x - afsnit) toegeskryf word. Indien die nodige korreksie vir die verskil in verdamping aangebring word sal die funksies vir Suid-Afrika en Suid Australië baie goed ooreenstem. Waterverbruik-oesopbrengs resultate wat


deur Erie, Bucks & French (1973) vir koring in Arizona V.S.A., gepubliseer is volg presies die funksie in Figuur 5.2.

Die oesopbrengs-waterverbruiksfunksie vir mielies in Figuur 5.3 het dieselfde X-afsnit as die Streutker (1983b) funksie vir semi-ariëde gebiede maar die helling verskil.


Die oesopbrengs-waterverbruiksfunksie vir grondbone in Figuur 5.4 stem goed met dié van Streutker (1983b) ooreen.

Die betroubaarheid van die funksie vir katoen, wat in Figuur 5.5 weer-gegee word, is te bevraagteken aangesien slegs twee datapunte gebruik is. Dit verskil ook van Streutker (1983b) se funksie. Die funksie van Streutker (1983b) beraam 'n saad plus lint oesopbrengs van 2000 kg ha^{-1} met 'n waterverbruik van slegs 200 mm. Dit is baie onwaarskynlik as daar in gedagte gehou word dat katoen 'n lang groeiseisoen rygewas is met 'n gevolglike hoë verdampingskomponent.


Die verwantskappe in Figure 5.2 tot 5.5 kan gebruik word om die totale waterbehoefte van die onderskeie gewasse by beplande oesopbrengste te bereken. Die realistiese oesopbrengsmikpunt wat vir beplanningsdoel-eindes gebruik kan word, word in Tabel 5.2 verstrek. Hierdie oesopbrengste weerspieël volgens die outeurs se ondervinding en die oesopbrengsresultate in Bylae 2.1 tot 2.5 'n realistiese langtermyn gemiddelde waarde.




FIGUUR 5.2. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir koring in semi-ariëde gebiede.



FIGUUR 5.3. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir mielies in semi-ariëde gebiede.



FIGUUR 5.4. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir grondbone in semi-ariëde gebiede.



FIGUUR 5.5. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies vir katoen in semi-ariëde gebiede.

TABEL 5.2. Realistiese oesopbrengste vir beplanningsdoeleindes en waterbehoefte by 'n 100% toedieningsdoeltreffendheid vir koring, mielies, grondbone en katoen.

Gewastipe	Oesopbrengs	Waterbehoefte by 100% toedieningsdoeltreffendheid	
	kg ha ⁻¹	mm	m ³ ha ⁻¹
Koring	6000	557	5570
Mielies	10000	735	7350
Grondbone	4000	784	7840
Katoen	4000	852	8520

5.3 Daaglikse waterbehoeftekurwes

Die gemiddelde daaglikse waterverbruik waarby geen stremming deur die groeiseisoen voorgekom het nie is by 'n aantal lokaliteite gemeet. Die koringlokaliteite is in drie groepe verdeel naamlik 145, 165 en 175 dae tot fisiologies ryp. Die lokaliteite waar die daaglikse waterverbruikstempo deur die groeiseisoen gemeet is, is die volgende: koring - 145 dae (W22, W26, W27, W31, W32), koring - 165 dae (W12, W13, W24, W28, W29), koring - 175 dae (W23, W30, W33, W34), mielies (M78, M82, M96 - M100, M103), grondbone (G69 - G74) en katoen (C59, C62, C63). Die resultate word in die relevante Bylae 2.12.3 tot 2.103.3, weergegee.

Om die korttermyn variasie uit die data te verwyder is die datapunte met die volgende vergelyking aangepas:

$$Y_n = 0,25 Y_{n-1} + 0,5 Y_n + 0,25 Y_{n+1}$$

waar Y = daaglikse waterverbruikstempo op dag n .

'n Derde orde polinomiese vergelyking is daarna deur die datapunte gepas. Die regressiekoëffisiënte vir die polinomiese vergelyking 5.1 word in Bylaag 5.1 vir koring en Bylaag 5.2 vir mielies, grondbone en katoen, gegee:

$$Y = a_1 + a_2x + a_3x^2 + a_4x^3 \quad 5.1$$

waar Y = waterverbruikstempo (mm dag⁻¹)

x = dae na plant.

Die polinomiese vergelykings is gebruik om die daaglikse waterbehoefte vir 10 - dag intervale te bereken. Hierdie waardes is met vergelyking 5.2 na relatiewe gewaswaterbehoeftewaardes omgeskakel.

$$Y_{rel} = Y/Y_{maks} \quad 5.2$$

waar Y_{rel} = relatiewe gewaswaterbehoefte

Y = werklike gewaswaterbehoefte (mm dag⁻¹)

Y_{maks} = maksimum gewaswaterbehoefte (mm dag⁻¹).

Die relatiewe waterbehoefte is op hierdie wyse vir elke lokaliteit vir 10 dag intervale met die vergelykings in Bylae 5.1 en 5.2 bereken en word in Bylaag 5.3 vir koring (145 dae), Bylaag 5.4 vir koring (165 dae), Bylaag 5.5 vir koring (175 dae), Bylaag 5.6 vir mielies, Bylaag 5.7 vir grondbone en Bylaag 5.8 vir katoen, weergegee. Die gemiddelde waardes van die betrokke lokaliteite is vir elke periode en gewastipe bereken waarna 'n derde orde polinomiese regressie op die gemiddelde relatiewe waterbehoeftewaardes gedoen is. Die regressievergelykings waarmee die relatiewe waterbehoefte op 'n spesifieke dag na plant bereken kan word, word in Tabel 5.3 aangedui. Die relatiewe waterbehoeftekurwes word in Figuur 5.6 vir koring met verskillende groeiseisoen lengtes en in Figuur 5.7 vir mielies, grondbone en katoen, geïllustreer.

Die oppervlakte (dae) onder elk van die kurwes, wat benodig word om die relatiewe waterbehoefte waardes na werklike waardes om te skakel, is deur integrasie bepaal en word in Tabel 5.3 weergegee. Die werklike waterbehoefte (Y) vir 'n spesifieke dag (x) kan met vergelyking 5.3 bereken word.

$$Y_x = Y_{relx} (W/D) \quad 5.3$$

waar W = Kumulatiewe waterbehoefte deur die groeseisoen (mm) wat met die vergelykings in Tabel 5.1 by 'n verwagte oesopbrengs bereken kan word

D = oppervlaktewaardes in Tabel 5.3 (dae)

Y_{relx} = relatiewe waterbehoefte vir dag i wat met die vergelykings in Tabel 5.3, bereken kan word.

Die gekombineerde gebruik van vergelykings 5.2 en 5.3 maak dit moontlik om die verwagte daaglikse gewaswaterbehoeftekurwe oor die groeseisoen, vir 'n sekere oesopbrengsmikpunt te bereken.

5.4 Gebruik van die waterbehoeftekurwe, oesopbrengs-waterverbruiks-funksie en profielbeskikbare waterkapasiteit vir die berekening van die minimum daaglikse watertoedieningsvereiste van 'n besproeiingstelsel

Die benadering waarvolgens die minimum daaglikse toedieningsvereiste van 'n besproeiingstelsel, met inagneming van die daaglikse en kumulatiewe waterbehoefte van die plantspesie en die profielbeskikbare waterkapasiteit van die grond, bereken kan word is in Afdeling 5.1 bespreek. Dieselfde benadering is in hierdie afdeling gebruik om 'n bruikbare formule, vir die berekening van die minimum daaglikse toedieningsvereiste van 'n besproeiingstelsel, af te lei.


Dit is nodig om ter inleiding die terminologie wat gebruik gaan word te definieer.

TABEL 5.3. Polinomiese regressievergelykings vir die berekening van die relatiewe waterbehoefte vanaf die dae na plant vir koring, mielies, grondbone en katoen.


Gewastipe	Regressievergelyking	R^2	Oppervlakte onder kurwe (D) dae
Koring : 145* dae na plant tot fisiologies ryp, 150 dae groeiseisoen	$Y_{rel} = 0,0649923 - 0,0021189x + 0,000292x^2 - 0,000001812x^3$	0,99	85 (150 dae groeiseisoen)
Koring : 165* dae na plant tot fisiologies ryp, 170 dae groeiseisoen	$Y_{rel} = 0,0064327 - 0,0007275x + 0,0001985x^2 - 0,000001035x^3$	0,99	100 (170 dae groeiseisoen)
Koring : 175* dae na plant tot fisiologies ryp, 180 dae groeiseisoen	$Y_{rel} = -0,0069241 + 0,0061976x + 0,0000293x^2 - 0,000000187x^3$	0,99	108 (180 dae groeiseisoen)
Mielies : 140* dae na plant tot fisiologies ryp, 150 groeiseisoen	$Y_{rel} = 0,0149226 + 0,0223774x - 0,0001304x^2 + 0,000000022x^3$	0,99	110 (150 dae groeiseisoen)
Grondbone : 160* dae na plant groeiseisoen	$Y_{rel} = 0,014923 + 0,0223774x - 0,0001303x^2 + 0,000000021x^3$	0,99	114 (160 dae groeiseisoen)
Katoen : 180* dae na plant groeiseisoen	$Y_{rel} = -0,0251948 + 0,0152771x - 0,0000257x^2 - 0,000000268x^3$	0,99	123 (180 dae groeiseisoen)

waar Y_{rel} = relatiewe waterbehoefte
 x = dae na plant.

* Gemiddelde plantdatums: Koring (145 dae): Sandvet 15-20 Junie
 Ramah 1-15 Julie
 Koring (165 dae): Sandvet 20-31 Mei
 Ramah 15-20 Junie
 Koring (175 dae): Sandvet 15-20 Mei
 Mielies: Vroeë 20-30/9, Laat 20/11-10/12
 Grondbone: 20/10 - 20/11
 Katoen: 10 - 31/10.



FIGUUR 5.6. Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van koring met 150, 170 en 180 dae na plant groeiseisoenlengtes.



FIGUUR 5.7. Verandering in die relatiewe daaglikse waterbehoefte van mielies, grondbone en katoen met onderskeidelik 150, 160 en 180 dae na plant groeiseisoenlengtes

Volle profielbeskikbare waterkapasiteit ($PBWK_w; mm$):

Dit is die volle PBWK van die grond-plantspesie kombinasie.

Benutbare profielbeskikbare waterkapasiteit ($PBWK_b; mm$):

Die volle PBWK minus die reënopgaringskapasiteit. Dit is verkieslik om met besproeiing nie die grond tot by die boonste grens van POW te benat nie maar om voldoende opgaringskapasiteit vir reën wat direk na 'n besproeiing kan val, te laat. Indien daar vir reënopgaring voorsiening gemaak word is dit verkieslik om eerder die benutbare as die werklike PBWK in die berekenings van die watertoedieningsbehoefte te gebruik omdat dit moontlik is dat geen reën gedurende of net voor die periode van piekwaterbehoefte kan voorkom nie in welke geval die volle PBWK nie opgevul sal wees nie. Die grootte van die reënkapasiteit is 'n arbitrêre waarde wat deur die bestuurder of ontwerper gekies kan word.

Minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte ($WTB_{min}; mm \text{ dag}^{-1}$):

Dit is die minimum effektiewe daaglikse watertoediening waarvoor 'n besproeiingstelsel ontwerp kan word sodat dit oor voldoende reserwe toedieningskapasiteit beskik om vanaf plant in die aanvanklike waterbehoefte van die plante te kan voorsien en terselfdertyd deur stelselmatige oorbesproeiing die benutbare PBWK, voor die begin van die periode van piekwaterverbruik, op te vul indien nodig. Gedurende die periode van piekwaterverbruik behoort die watertoediening plus die ontginning van die benutbare PBWK voldoende te wees om plantwaterstroming te verhoed. Die minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte is dus die waarde waar die reserwe toedieningskapasiteit van die stelsel (oppervlakte B, Figuur 5.1) gelyk aan die maksimum benutbare PBWK (oppervlakte A, Figuur 5.1) is.

Maksimum daaglikse gewaswaterbehoefte ($GWB_{maks}; mm \text{ dag}^{-1}$):

Dit is die gewaswaterbehoefte wat gelyk aan die maksimum gemiddelde waterverbruikstempo van die gewas is.

Ontwerp watertoedieningsbehoefte (WTB_o ; mm dag⁻¹)

Dit is die daaglikse toedieningsbehoefte waarvoor die stelsel, met inagneming van toedieningsverliese, ontwerp behoort te word dit wil sê $WTB_o = 100 \cdot WTB_{min} / \text{toedieningsdoeltreffendheid } (\%)$.

Die volgende prosedure is gevolg om die verwantskap tussen die daaglikse watertoedieningsbehoefte, kumulatiewe waterbehoefte en PBWK vir elk van die gewastipes te bepaal:

- i) Die kumulatiewe waterbehoefte (W) is vir elke gewas, by 'n aantal oesopbrengsmikpunte, met die relevante vergelykings in Tabel 5.1, bereken.
- ii) Die gemiddelde maksimum daaglikse gewaswaterbehoefte (relatiewe waarde = 1) is met vergelyking 5.3 bereken dus $GWB_{maks} = W/D$. Die waardes vir D in Tabel 5.3 is gebruik.
- iii) Die vergelykings in Tabel 5.3 en die maksimum daaglikse waterbehoefte is gebruik om waterbehoeftekurwes vir elke gewas, by vier oesopbrengsmikpunte, saam te stel.
- iv) Die oppervlakte onderkant die waterbehoeftekurwe en bokant 'n daaglikse watertoedieningsbehoefte, is deur integrasie bepaal. Hierdie waarde, wat deur oppervlakte A in Figuur 5.1 aangedui word, is gelyk aan die vereiste PBWK vir die betrokke toedieningsbehoefte. Die oppervlakte bokant die waterbehoeftekurwe en onderkant die daaglikse toedieningsbehoefte is op dieselfde wyse bepaal en dui die reserwe toedieningskapasiteit van die stelsel, naamlik oppervlakte B in Figuur 5.1, aan. Hierdie proses is herhaal deur met die maksimum daaglikse watertoedieningsbehoefte te begin en dit daarna differensiaal te verminder totdat 'n waarde bereik is waar oppervlaktes A en B gelyk was. Die ooreenstemmende toedieningsbehoefte is dus gelyk aan die minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte en die geïntegreerde oppervlakte A stel die maksimum benutbare PBWK vir die spesifieke gewastipe voor. Die ooreenstemmende dag dui die einde van die profielopvullings- en begin van die uitdrogingsperiode aan.
- v) Die verwantskappe tussen die daaglikse watertoedieningsbehoefte en PBWK is vir elke gewas by die onderskeie oesopbrengste of

kumulatiewe waterbehoefte gestip. Die resultate word in Figuur 5.8 vir koring en in Figuur 5.9 vir mielies, grondbone en katoen aangedui.

Die volgende belangrike afleidings kan, uit Figure 5.8 en 5.9, gemaak word:

- i) Die daaglikse toedieningsbehoefte vir 'n spesifieke oesopbrengs neem logaritmië af met 'n toename in PBWK tot by die minimum toedieningsbehoefte waar die maksimum benutbare PBWK gelyk aan die reserwe toedieningskapasiteit van die besproeiingstelsel, is.
- ii) Die lyn wat die minimum toedieningsbehoefte verbind gaan deur die oorsprong en die helling (c) van die lyn kan dan gebruik word om die maksimum benutbare $PBWK_0$, wat met 'n minimum toedieningsbehoefte ooreenstem, te bereken en omgekeerd.

$$WTB_{min} = c \cdot PBWK_0 \quad 5.4$$

$$\text{en } PBWK_0 = WTB_{min}/c \quad 5.5$$

Die helling (c) van die lyn vir die verwantskap tussen die minimum toedieningsbehoefte en maksimum benutbare PBWK van die onderskeie gewasse, word in Tabel 5.4 aangedui.

- iii) Die verhouding (d) tussen die minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte en maksimum daaglikse gewaswaterbehoefte was konstant by alle oesopbrengs-totale waterbehoefte mikpunte van 'n spesifieke gewastipe of groeiseisoenlengte by koring omdat die vorm van die kurwes dieselfde bly.

$$WTB_{min} = d \cdot GWB_{maks} \quad 5.6$$

$$\text{of } WTB_{min} = d \cdot W/D \text{ waar } GWB_{maks} = W/D \quad 5.7$$

Die verhouding (d) tussen die minimum en maksimum daaglikse watertoedieningsbehoefte word in Tabel 5.4, vir die onderskeie gewasse, weer-gegee.

- iv) Die dag wat die begin van die PBWK uitputting of die piekperiode aandui was ook dieselfde by alle oesopbrengspeile vir die onderskeie gewasse en is in Tabel 5.4 ingesluit.

Dit was moontlik om vergelykings af te lei waarmee die effektiewe daaglikse toedieningsbehoefte waarvoor 'n besproeiingstelsel ontwerp moet word met inagneming van: die daaglikse gewaswaterbehoefte deur die groeiseisoen; die kumulatiewe waterbehoefte van die gewas (wat van die oesopbrengsmikpunt afhanklik is), en die PBWK van die grond, bereken kan word. Substitusie van vergelyking 5.7 in vergelyking 5.5 maak dit moontlik om die maksimum benutbare PBWK met vergelyking 5.8 te bereken.

$$PBWK_0 = d.W/c.D \quad 5.8$$

Wanneer die maksimum benutbare PBWK kleiner as die werklike benutbare PBWK is kan die besproeiingstelsel vir die minimum toedieningsbehoefte ontwerp word deur vergelyking 5.7 te gebruik. Die ontwerp toedieningsbehoefte word deur vergelyking 5.9 gegee.


$$WTB_{min} = d.W/D$$

$$WTB_0 = 100.d.W/k.D \text{ vir } PBWK_0 < PBWK_b \quad 5.9$$


waar k = stelseltoedieningsdoeltreffendheid (%).

Vergelyking 5.9 is slegs geldig waar $PBWK_0 < PBWK_b$.

Vir gevalle waar die werklike benutbare PBWK kleiner as die maksimum benutbare PBWK is kan die besproeiingstelsel nie vir $PBWK_0$ ontwerp word nie maar moet dit vir die werklike benutbare PBWK ontwerp word. 'n Hoër toedieningsbehoefte as die minimum moet dan gebruik word. Die toedieningsbehoefte wat met 'n spesifieke benutbare PBWK ooreenstem kan met vergelykings 5.10 of 5.11, wat vanaf Figure 5.8 en 5.9 afgelei is, bereken word.



FIGUUR 5.8. Minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte van koring vir verskillende oesopbrengspeile en benutbare profielbeskikbare waterkapasiteitwaardes.



FIGUUR 5.9. Minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte van mielies, grondbone en katoen by verskillende oesopbrengspeile en benutbare profielbeskikbare waterkapasiteitswaardes.

TABEL 5.4. Koëffisiënte c, d en D vir gebruik in die toedieningsbehoeftevergelykings 5.4 tot 5.12 vir koring, mielies, grondbone en katoen.

Gewastipe	c	d	D	Piekperiode (dae na plant)
Koring - 150 dae groeiseisoen	0,30	0,59	85	59 - 138
Koring - 170 dae groeiseisoen	0,023	0,59	100	72 - 170
Koring - 180 dae groeiseisoen	0,023	0,59	108	83 - 180
Mielies	0,053	0,75	110	45 - 132
Grondbone	0,055	0,75	114	45 - 132
Katoen	0,038	0,71	123	57 - 157

$$WTB = WTB_{maks} - \frac{GWB_{maks} - WTB_{min}}{PBWK_0} \times PBWK_b \quad 5.10$$

Substitusie van vergelykings 5.7 en 5.8 in vergelyking 5.10 gee:

$$WTB_{min} = (W/D) - \left[PBWK_b \cdot c \cdot ((1/d) - 1) \right] \quad 5.11$$

Die ontwerp toedieningsbehoefte vir gevalle waar die $PBWK_0$ groter as $PBWK_b$ is kan met vergelyking 5.12 bereken word.

$$WTB_0 = 100 \cdot WTB/k \text{ vir } PBWK_0 > PBWK_b \quad 5.12$$

Die kumulatiewe waterbehoefte (W) in vergelykings 5.7 tot 5.12 is van die oesopbrengsmikpunt afhanklik en kan met behulp van die vergelykings in Tabel 5.1, bereken word.

5.5 Samevatting

Dit was moontlik om twee vergelykings 5.9 en 5.12 af te lei waarmee die minimum daaglikse watertoedieningsbehoefte, waarvoor 'n besproeiingstelsel vir 'n spesifieke gewastipe - oesopbrengsmikpunt - PBWK kombinasie ontwerp behoort te word, bereken kan word. Die suksesvolle benutting van die besproeiingstelsel berus op die beginsel dat die reserwe ontwerp-toedieningskapasiteit van die stelsel, wanneer die stelseltoedieningsvermoë hoër as die daaglikse gewaswaterbehoefte is, aangewend word om die PBWK van die grond geleidelik op te vul indien nodig. Die toedieningsvermoë van die stelsel sal sodanig wees dat dit gedurende die periode van piekwaterbehoefte nie in die daaglikse waterbehoefte van die gewasbedekking sal kan voorsien nie. Die tekort tussen die daaglikse gewaswaterbehoefte en die aanvanklike toedieningsbehoefte sal geleidelik deur die reserwe plantopneembare water wat in die grond gestoor is, voorsien word.

In die opstelling van die ontwerpvereistes van besproeiingstelsel behoort daar rekening met die wisselbouprogram gehou te word. Die stelsel behoort vir die gewas- grondkombinasie met die hoogste minimum daaglikse toedieningsbehoefte, ontwerp te word.

Die bestuur van 'n besproeiingstelsel wat volgens die minimumtoedieningsvereistes ontwerp is verg 'n goed aangepaste besproeiingskeduleringsprogram. Die verskillende wyses van besproeiingskedulering wat gevolg kan word sal die onderwerp van die volgende hoofstuk wees.

HOOFSTUK 6

GEBRUIK VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT EN PROFIELWATEROOR- SIENINGSTEMPO IN WATERBALANS BESPROEIINGSKEDULERINGSMODELLE

6.1 Inleiding

Van die belangrikste besluite in besproeiing naamlik wanneer en hoeveel besproei moet word, word deur baie faktore beïnvloed. Hierdie faktore behels volgens Stegman (1983) onder andere die volgende:

- i) Langtermyn klimaatstoestande soos aried, semi-arië ens. en korttermyn verandering in daaglikse klimaatstoestande soos verdampingsaanvraag ens.
- ii) Watervoorsiening en beperkings op die beskikbaarheid daarvan.
- iii) Gewastipe en die gevoeligheid daarvan vir plantwaterstremming in die betrokke groeistadium waarin dit verkeer.
- iv) Besproeiingstelsel naamlik die graad van meganisasie en die beheer oor die watertoediening en -hoeveelheid.
- v) Grondtipe en -eienskappe waarvan die tekstuur, diepte en ruimtelike variasie die belangrikste is.
- vi) Ekonomiese implikasies soos die maksimale winsgrens.
- vii) 'n Verskeidenheid van ander faktore soos die beheer van grondverbraking, kwaliteit van die oesbare produk, arbeidsbenutting, gewasrotasie ens.

Al die genoemde faktore dui daarop dat besluitneming in besproeiingskedulering baie kompleks is. Vereenvoudiging van die besluitnemingsproses sonder prysgawe van die beginsel van maksimum waterverbruiksdoeltreffendheid behoort die doelstelling met navorsing oor besproeiingskedulering te wees. Die beginsels van besproeiingskedulering is in 'n goeie oorsigartikel deur Stegman (1983), behandel asook die relatiewe effektiwiteit van die verskillende waterbalansmetodes.

Waterbalansmodelle vir besproeiingskedulering neem normaalweg die vorm van vergelyking 6.1 aan.

$$G_x = G_{x-1} + ET_x - P_x - IR_x \pm DR_x \quad 6.1$$

waar G_x = watertekort (mm) in die bewortelde grondprofiel op dag x.
 ($G_x = 0$ wanneer die reënval en/of besproeiing die heersende tekort oorskry het, $P_x + IR_x > G_x$).

G_{x-1} = watertekort (mm) in die bewortelde profiel op dag x-1.

ET_x = beraamde evapotranspirasie of gewaswaterbehoefte (mm).

P_x = effektiewe reënval (mm).

IR_x = besproeiing (mm).

DR_x = dreinasieverlies (-) of opwaartse vloei na die bewortelde sone (+).

Waterbalansmodelle wat daarin slaag om die grondwatertekort redelik akkuraat te voorspel verminder die moontlikheid van oorbesproeiing. Indien die tyd van besproeiing plantwaterstremming verhoed behoort al die modelle dieselfde oesopbrengs per eenheid toegediende water te gee. Normaalweg is die beraming van die ET-komponent van die modelle die moeilikste. Die daaglikse ET kan op verskillende wyses en met verskillende grade van sofistikasie, beraam word. Die aanbevelings van Doornbos & Kassam (1979) en Departement van Landbou en Watervoorsiening (1985) word redelik algemeen in Suid-Afrika gebruik.


Daar bestaan verskeie eenvoudige waterbalans besproeiingskeduleringsmodelle o.a. dié van Fereres, Goldfien, Pruitt, Henderson & Hagan (1981) en Lundstrom, Stegman & Werner (1981).

Indien fasiliteite beskikbaar is om gereeld die grondwaterinhoud te meet, bv. met 'n neutronmeter, bly toelaatbare onttrekking die mees algemene metode van besproeiingskedulering met waterbalansmodelle. Dit is nou moontlik om die verandering in die toelaatbare onttrekking of PBWK deur die groeiseisoen te bereken met die resultate wat in Hoofstukke 3 en 4 gerapporteer is. Hierdie PBWK-modelle kan gebruik word om die droë of onderste vlak van profielwateraanvulling deur die groeiseisoen te bereken wat, indien dit oorskry sou word grondgeïnduseerde plantwaterstremming tot gevolg sal hê. Die nat of boonste vlak waar profielwateraanvulling gestaak moet word kan met vergelyking 2.3 bere-

ken word. Drie wyses van profielwateraanvulling kan gevolg word. Dit kan aan die hand van die hipotetiese voorstelling in Figuur 6.1 bespreek word. Volgens wyse A vind aanvulling van die profielwatertekort volgens die gewaswaterverbruik plaas tot by 'n vlak gelyk aan die nat grens van plantopneembare water minus die gereserveerde reënopgaringskapasiteit. Besproeiing volgens wyse B berus op die beginsel dat die gewaswaterverbruik gedurende die piekperiode slegs gedeeltelik aangevul word sodat die PBWK geleidelik onttrekkan word. Sodoende vergroot die reënopgaringskapasiteit geleidelik tydens die laaste helfte van die groeiseisoen en die druk op die toedieningsvereiste van die besproeiingstelsel gedurende die middelseisoen piekverbruik word ook verlig. Wyse C berus daarop dat die gewaswaterverbruik reeds vanaf vroeg in die groeiseisoen slegs gedeeltelik aangevul word sodat die grondprofiel net natter as die droë grens van die PBWK gehou word om 'n maksimum reënopgaringskapasiteit te verseker. By beide wyses B en C word die gestoorde water geleidelik na die einde van die groeiseisoen verbruik.

Wanneer fasiliteite vir die meting van die grondwaterinhoud nie beskikbaar is nie word die besproeiing gewoonlik volgens die beraamde evapotranspirasie geskeduleer. Verskillende benaderings kan dan gevolg word. Wanneer daar met 'n nat grondprofiel met die volle benutbare PBWK met planttyd begin word kan die ET ten volle deur die groeiseisoen aangevul word sodat die seisoen met 'n vol PBWK afgesluit word. Alternatiewelik kan die ET gedurende die periode van piekverbruik slegs gedeeltelik aangevul word, sodat die balans uit die opgegaarde plantopneembare water onttrek word, in welke geval die seisoen met 'n droë grond waarvan die volle PBWK gebruik is, afgesluit word. Indien die grondprofiel droog met planttyd is kan meer as die beraamde ET gedurende die eerste gedeelte van die groeiseisoen besproei word om die PBWK geleidelik op te vul en gedurende die middelseisoen piekverbruiksperiode kan volle ET of gedeeltelike ET aanvulling geskied.

Die verskillende benaderings wat tot die besproeiingskedulering van koring, mielies, grondbone en katoen in die Sentrale-besproeiingsgebiede gevolg kan word sal in hierdie hoofstuk behandel word.



Figuur 6.1: Hipotetiese voorstelling van die verskillende wyses waarop die aanvulling van die profielwatertekort geprogrammeer kan word.

6.2 Besproeiingskedulering met behulp van daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes.

Daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes, wat in 'n sekere klimaatstreek bepaal is, kan net so 'n goeie beraming van gemiddelde ET as die meer gesofistikeerde modelle, gee (Stegman, 1983). Die relatiewe gewaswaterbehoeftekurwes wat in Tabel 5.3 vir koring, mielies, grondbone en katoen verstrekk is kan tesame met vergelyking 5.3 gebruik word om die daaglikse waterbehoefte van die onderskeie gewasse, by 'n verlangde oesopbrengsmikpunt, te bereken.

Die wyse waarop die waterbehoefte van 'n gewas aangevul kan word is eerstens van die PBWK en die vlak waartoe dit met planttyd gevul is, d.w.s. die profielwatertekort en tweedens van die mate waarin die effektiewe toedieningskapasiteit van die besproeiingstelsel in die maksimum gewaswaterbehoefte kan voorsien, afhanklik. Die watertoediening per besproeiingsiklus word met oorhoofse besproeiing in reënmeters, wat verspreid oor die land geplaas is, gemeet. Met vloedbe-

sproeiing is die meting moeilik indien die stelsel nie met 'n betroubare vloeimeter toegerus is nie. Met drup en mikrobeproeiing kan van vloeimeters gebruikgemaak word.

- a) Volledige aanvulling van die daaglikse gewaswaterbehoefte:
Om besproeiing volgens die volledige aanvulling van die daaglikse gewaswaterbehoefte te skeduleer is dit noodsaaklik dat die effektiewe toedieningskapasiteit van die stelsel in die maksimum daaglikse gewaswaterbehoefte (GWB_{maks}), wat met vergelyking 5.3 bereken kan word, kan voorsien. Die volgende prosedure word dan gevolg om die watertoedieningsbehoefte te bereken:
 - i) Eerstens word die totale gewaswaterbehoefte (W , mm) by die oesopbrengsmikpunt bereken met 'n oesopbrengs-waterverbruiksfunksie (Tabel 5.1).
 - ii) Die daaglikse GWB word daarna met vergelyking 6.2 vir elke dag (x) na plant van die groeiseisoen bereken met die relevante regressiekoëffisiënte en faktor D in Tabel 5.3.

$$GWB_x = (W/D)(a_1 + a_2x + a_3x^2 + a_4x^3) \quad 6.2$$

- iii) Die daaglikse GWB word dan gesommeer volgens die aantal dae per besproeiingsiklus.

As voorbeeld is koring met 'n 170 dae groeiseisoen, oesopbrengsmikpunt van $6\,000\text{ kg ha}^{-1}$ en 'n 5 dag besproeiingsiklus gekies. Die resultaat word in Tabel 6.1 weergegee. Die meting van die watertoediening per siklus (reën plus besproeiing) met oorhoofse besproeiinstelsels kan met reënimeters, wat verspreid oor die land geplaas is, gedoen word. Die berekende watertoedieningsprogram moet dan gevolg word. Volgens hierdie wyse van besproeiingskedulering hoef die PBWK slegs gelyk aan die gewaswaterbehoefte per besproeiingsiklus te wees.

- b) Gedeeltelik aanvulling van die gewaswaterbehoefte gedurende die periode van piekwaterverbruik.

Vir die doel van die bespreking word die periode van piekwaterverbruik gedefinieer as die periode waartydens die daaglikse GWB die effektiewe toedieningsvermoë van die besproeiingstelsel oorskry. Gedurende hierdie periode word die toedieningstekort deur 'n geleidelike onttrekking van opgegaarde plantbeskikbare water, aangevul. Die aanvaarbare daaglikse toedieningstekort en die tydsduur van die gedeeltelike aanvulling is 'n funksie van die benutbare PBWK en die profielwatertekort (PWT) (fraksie van die PBWK) met planttyd.

Die volgende prosedure word vir die berekening van 'n besproeiingskeduleringprogram met die gedeeltelike aanvullingsbenadering ("deficit irrigation") gevolg:

- i) Bereken die minimum watertoedieningsbehoefte vir die piekperiode (WTB_{piek}) by die betrokke benutbare PBWK_b en kumulatiewe waterbehoefte (W) by die oesopbrengsmikpunt met vergelyking 5.7 of 5.11.

Wanneer die $PBWK_b > (d \cdot W / c \cdot D)$ word vergelyking 5.7 gebruik n.l.

$$WTB_{piek} = d \cdot W / D$$

Wanneer die $PBWK_b < (d \cdot W / c \cdot D)$ word vergelyking 5.11 gebruik n.l.

$$WTB_{piek} = (W/D) - \left[PBWK_b \cdot c \left((1/d) - 1 \right) \right]$$

waar: W = kumulatiewe gewaswaterbehoefte wat met die relevante vergelyking in Tabel 5.1 bereken kan word.

c, d, D = koëffisiënte wat in Tabel 5.4 verstrekk word.

- ii) Bereken die daaglikse GWB met vergelyking 6.2.
- iii) Bepaal die eerste (x_1) en laaste (x_2) dag van die periode van piekwaterverbruik waar x_1 die eerste dag is waar die $GWB_{x_1} > WTB_{piek}$ en x_2 die laaste dag is waar $GWB_{x_2} \leq WTB_{piek}$ soos geïllustreer in Figuur 6.2.

- iv) Die daaglikse watertoedieningsbehoefte (WTB) word dan as volg vir die verskillende periodes bereken.

$$\text{Dag } 0 \text{ tot } x_1 : \text{WTB}_x = \text{GWB}_x + (\text{PWT}/x_1) \quad 6.3$$


waar PWT = profielwatertekort met planttyd (fraksie van PBWK_b).

$$\text{Dag } x_1 \text{ tot } x_2 : \text{WTB}_x = \text{WTB}_{\text{piek}}$$

$$\text{Dag } x_2 \text{ tot einde van groeiseisoen} : \text{WTB}_x = \text{GWB}_x.$$

As voorbeeld is koring met 'n 170 dae na plant groeiseisoen en 'n oesopbrengsmikpunt van $6\,000 \text{ kg ha}^{-1}$ gekies (Figuur 6.2). Die relevante veranderlikes is: $W = 557 \text{ mm}$; $D = 100$; $c = 0,023$; $d = 0,59$ en $\text{PBWK}_b = 140 \text{ mm}$. Drie moontlikhede is gebruik n.l. gedeeltelike GWB aanvulling gedurende piekverbruik wanneer met 'n nat (100% PBWK), gedeeltelik nat (50% PBWK_b) of droë (0% PBWK_b) grondprofiel met planttyd begin word. In alle gevalle word die seisoen met 'n droë grond afgesluit. Die resultate word in Tabel 6.1, verstrek.

Hierdie verskillende benaderings is in die praktyk toegepas met koring, mielies en grondbone. Die resultate word in Afdeling 6.5 bespreek.



Figuur 6.2: Voorbeeld vir die berekening van verskillende besproeiingskeduleringsbenaderings vir koring met 'n 170 dae na plant groeiseisoen en 'n oesopbrengsmikpunt van 6000 kg ha^{-1}

TABEL 6.1. Voorbeelde van die verskillende benaderings tot besproeiingskedulering met inagneming van die PBWK, daaglikse gewaswaterbehoefte (GWB) van koring met 'n 170 dae na plant groeiseisoen en 'n 6 000 kg ha⁻¹ oesopbrengsmikpunt.

Dae na plant	Gedeeltelike GWB aanvulling							
	Volledige GWB aanvulling		100% vol PBWK _b met planttyd		50% vol PBWK _b * met planttyd		0% vol PBWK _b * met planttyd	
	mm	Σ mm	mm	Σ mm	mm	Σ mm	mm	Σ mm
0 - 10	-	-	-	-	11	11	30	30
11 - 20	2	2	2	2	11	22	17	47
21 - 25	3	5	3	5	8	30	17	64
26 - 30	3	8	3	8	8	38	17	81
31 - 35	4	12	4	12	9	47	17	98
36 - 40	6	18	6	18	11	58	17	115
41 - 45	7	25	7	25	12	70	17	132
46 - 50	8	33	8	33	13	83	17	149
51 - 55	10	43	10	43	15	98	17	166
56 - 60	12	55	12	55	17	115	17	183
61 - 65	13	68	13	68	17	132	17	200
66 - 70	15	83	15	83	17	149	17	217
71 - 75	17	100	17	100	17	166	17	234
76 - 80	18	118	17	117	17	183	17	251
81 - 85	20	138	17	134	17	200	17	268
86 - 90	21	159	17	151	17	217	17	285
91 - 95	22	181	17	168	17	234	17	302
96 - 100	24	205	17	185	17	251	17	319
101 - 105	25	230	17	202	17	268	17	336
106 - 110	26	256	17	219	17	285	17	353
111 - 115	27	283	17	236	17	302	17	370
116 - 120	27	310	17	253	17	319	17	387
121 - 125	28	338	17	270	17	336	17	404
126 - 130	28	366	17	287	17	353	17	421
131 - 135	27	393	17	304	17	370	17	438
136 - 140	27	420	17	321	17	387	17	455
141 - 145	27	447	17	338	17	404	17	472
146 - 150	25	472	17	355	17	421	17	489
151 - 155	24	496	17	372	17	438	17	506
156 - 160	22	518	17	389	17	455	17	523
161 - 165	19	537	17	406	17	472	17	540
166 - 170	17	554	17	423	17	489	17	557

* PBWK = 160 mm - 20 mm reënkapasiteit = 140 mm PBWK_b.

6.3 Besproeiingskedulering met behulp van direkte meting van grondwaterinhoud en toelaatbare onttrekking van plantbeskikbare water

Die aanvulling van die profielwatertekort kan op drie wyses, soos beskryf in Afdeling 6.1, geskied. In al die gevalle word die profielwatertekort op 'n spesifieke dag met die PBWK vir dieselfde dag vergelyk. Die profielwatertekort (PWT_x) op 'n spesifieke dag (x) word met vergelyking 6.4 bereken.

$$PWT_x = \sum_{i=1}^n [(\theta_{bi} - \theta_{xi}) \cdot z_i] \quad 6.4$$

waar PWT_x = profielwatertekort binne die bewortelde profiel op dag x (mm).

θ_{bi} = nat grens van die profielbeskikbare water ($v \cdot v^{-1}$) vir laag i .

θ_{xi} = waterinhoud ($v \cdot v^{-1}$) van laag i op dag x .

z_i = dikte van laag i (mm).

n = aantal grondlae.

Die grondwaterinhoud kan met gereelde tussenposes op dieselfde plek met 'n neutronmeter gemeet word. Een duplikaat of triplikaat stel toegangsbuise tot onder die potensiële maksimum bewortelingsdiepte per land, wat met vergelyking 4.11 bereken kan word, is voldoende. Hierdie aanbeveling is in ooreenstemming met die resultate van Campbell & Campbell (1982) wat die effek van ruimtelike variasie op besproeiingskeduleringsmetings ondersoek het.

Die PBWK - tyd funksie vir die spesifieke grond-gewastipe kombinasie word met behulp van die model wat in Afdeling 4.7 bespreek is, bepaal. Die PWT word dan op die verandering in PBWK met tyd grafiek teenoor die betrokke dag geplot. Die verskil tussen die basislyn waar aanvulling gestaak word, wat die gereserveerde reënopgaringskapasiteit is, en die PWT dui die besproeiingsbehoefte aan nL.

$$\text{Besproeiingsbehoefte (mm)} = \text{PWT} - \text{Reënopgaringskapasiteit (mm)} \quad 6.5$$

Die reserwe profielbeskikbare water (PBW) is die verskil tussen die $PBWK_x$ op dag x en die PWT_x n ℓ .

$$\text{Reserwe PBW (mm)} = PBWK - PWT. \quad 6.6$$

Die aanvulling van die profielwatertekort gedurende die groeiseisoen kan op drie wyses, soos bespreek in Afdeling 6.1 en geïllustreer in Figuur 6.1, geskied. Volgens wyse A (Figuur 6.1) word die reënopgaringskapasiteit konstant gehou en word die maksimum reserwe PBW, verseker. Wyse B berus op die beginsel dat die reënopgaringskapasiteit geleidelik vergroot en reserwe PBW verminder word gedurende die laaste helfte van die groeiseisoen. Volgens wyse C vergroot die reënopgaringskapasiteit in verhouding met die toename in PBWK gedurende die groeiseisoen om 'n maksimum reënopgaringskapasiteit gedurende die groeiseisoen te verseker en die reserwe PBW word konstant gehou.

Hierdie benaderings is in die praktyk ge-evalueer en die resultate sal in Afdeling 6.5 bespreek word.

6.4 Gekombineerde gebruik van gewaswaterbehoeftekurwes en direkte meting van die toelaatbare onttrekking van plantbeskikbare water

Die gesamentlike toepassing van beide die benaderings tot besproeiingskedulering wat in Afdelings 6.2 en 6.3 bespreek is word sterk aanbeveel. Besproeiingskedulering geskied dan volgens die relevante gewaswaterbehoeftekurwe, die PBWK - tyd funksie word vir die grondgewastipe kombinasie bereken en die wyse van aanvulling word geselekteer. Die toelaatbare onttrekkingsmetode word dan gebruik om met 'n beperkte aantal metings te verseker dat die verandering in die grondwaterinhoud die verlangde gedrag toon. Aanpassings kan dan gedurende die groeiseisoen in die skeduleringsprogram gemaak word, indien nodig.

6.5 Evaluering van die verskillende benaderings tot besproeiingskedulering

6.5.1 Prosedure

Besproeiingskedulering volgens die gewaswaterbehoeftekurwes (Afdeling 6.2) en toelaatbare onttrekking (Afdeling 6.3) is gesamentlik op dieselfde land by drie lokaliteite vir koring, twee vir grondbone en een vir mielies, te Sandvet uitgevoer. 'n Watertoedieningsprogram is vir die gekose toedieningsopsie en oesopbrengsmikpunt met die gewaswaterbehoeftekurwes, volgens die prosedure in Afdeling 6.2, bereken. In al die gevalle het watertoediening met spilpunt- of kantralbesproeiingstelsels geskied. Die medewerkers het die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien is in reënmeters gemeet en boekgehou van die kumulatiewe watertoediening teenoor tyd. Dit moes tred met voorgestelde program gehou het. Drie neutronmetertoegangsbuise is per land geïnstalleer en die profielwatertekort binne die bewortelde profiel, evapotranspirasie en kumulatiewe watertoediening is volgens die prosedure wat in Hoofstuk 2 bespreek is, gemonitor.

Die profielwatervoorsieningstempo PWVT by veldwaterkapsiteit en by die werklike waterinhoud van die profiel vir elke dag waarop metings geneem is, is volgens die prosedure wat in Afdeling 4.7 bespreek is, bereken asook die PBWK by 'n matige en ernstige stremmingsindeks. Die evapotranspirasie vir die berekening van die stremmingsindekse is met die daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes, by die onderskeie oesopbrengsmikpunte beraam.

6.5.2 Koring


Die gegewens vir lokaliteite W22, W24 en W33 word onderskeidelik in Bylae 2.22.1 en 3, 2.24.1 en 3 en 2.33.1 en 3, verstrekk. Die oesopbrengsmikpunt was $5\,000\text{ kg ha}^{-1}$ en die reënopgaringskapasiteit 30 mm in al drie gevalle. Die gerealiseerde oesopbrengste en waterverbruiksdoeltreffendhede word in Bylaag 2.1 gegee.

- a) Lokaliteit W33: Die grondprofiel was met planttyd by veldwaterkapsiteit en volgens beplanning moes die profielwatertekort met oestyd gelyk aan die reënopgaringskapasiteit van 30 mm wees. Die


gekoose skeduleringsopsie was dus die volledige aanvulling van die daaglikse gewaswaterbeheefte (Afdeling 6.2.a) of wyse A t.o.v. die toelaatbare onttrekking (Figuur 6.1, Afdeling 6.3). Die PBWK by ernstige en matige stremming en die verandering in die gemete profielwatertekort (PWT) word in Figuur 6.3 aangedui. Dit is duidelik dat daar op geen stadium oor of onderbesproei is nie en dat die voorgestelde besproeiingsprogram in hierdie opsig geslaagd was behalwe dat die seisoen met 'n PWT van 80 mm, i.p.v. die 30 mm reënopgaringskapasiteit, afgesluit is. Die hoër as beplande kumulatiewe waterverbruik word deur die hoër 7360 kg ha⁻¹ oesopbrengs en goeie waterverbruiksdoeltreffendheid (WVD) van 11,9 kg ha⁻¹ mm⁻¹, weerspieël.

Die verandering in die PWVT, daaglikse gewaswaterverbruik (ET) en berekende daaglikse gewaswaterbehoefte (GWB), vir 'n 5 000 kg ha⁻¹ oesopbrengs, word in Figuur 6.4 verstrek. Die ET was vanaf dag 60 hoër as die beplande GWB en het meer verband gehou met die PWVT by die heersende grondwaterinhoud wat naby aan die optimum (PWVT_{vwk}) was. Die gevolg was 'n hoër as beplande kumulatiewe gewaswaterverbruik en oesopbrengs.


- b) Lokaliteit W24: Die grondprofiel was met planttyd by veldwaterkapasiteit en volgens beplanning moes die seisoen met 'n droë grondprofiel afgesluit word. Die gekoese skeduleringsopsie was die gedeeltelike aanvulling van die gewaswaterbehoefte (Afdeling 6.2.6) of wyse B t.o.v. die toelaatbare onttrekking (Figuur 6.1, Afdeling 6.3). Die resultate word in Figure 6.5 en 6.6 verstrek. Dit is duidelik uit Figuur 6.5 dat die PWT tred met die PBWK (matig) gehou het en slegs by dag 140 ernstige stremmingtoestande genader het. Die beraamde GWB, werklike PWVT en ET het, soos in Figuur 6.6 aangedui, regdeur die groeiseisoen verwant aanmekaar gebly. Die oesopbrengs was 5 610 kg ha⁻¹ en die WVD 10,27 kg ha⁻¹ mm⁻¹.
- c) Lokaliteit W22: Die grondprofiel was redelik droog met planttyd en volgens beplanning moes die seisoen ook met 'n droë grondpro-




FIGUUR 6.3. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit W33.



FIGUUR 6.4. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit W33.



FIGUUR 6.5. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit W24.




FIGUUR 6.6. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit W24.

fiel afgesluit word. Die gekose skeduleringsopsie was dus gedeeltelike aanvulling van die gewaswaterbehoefte of wyse C t.o.v. die toelaatbare onttrekking (Figuur 6.1). Volgens die resultate in Figuur 6.7 is dit duidelik dat die PWT reeds vanaf vroeg in die groeiseisoen die PBWK by ernstige stremming oorskry het. Die rede hiervoor is dat die gekose opsie vereis, soos in Afdelings 6.2 en 6.3 verduidelik is, dat 'n hoër watertoediening as die GWB in die vroeë seisoen benodig word om die PWT te verminder. Dit lyk op die oog af onlogies om swaar besproeiings vroeg in die groeiseisoen te gee. Soos dit die geval met hierdie medewerker was verg die gebruik van hierdie opsie 'n aanpassing in bestuur en gesindheid. Omdat die watertoedieningsprogram nie volgens voorskrif in die begin van die seisoen gevolg is nie en omdat die toedieningskapasiteit van die besproeiingstelsel onvoldoende was om later in te haal is die koring periodiek aan stremming onderwerp. Soos in Figuur 6.8 aangedui, was die ET vanaf planttyd tot ongeveer dag 80 laer as die GWB en was dit hoofsaaklik afhanklik van die werklike PWVT. Dit dui daarop dat die koring gedurende die eerste 80 dae aan ernstige waterstremming onderwerp was. Na dag 80 is die watertoediening verhoog om in die GWB te voorsien. Die finale oesopbrengs was $4\,330\text{ kg ha}^{-1}$ met 'n goeie WVD van $11,02\text{ kg ha}^{-1}\text{ mm}^{-1}$. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe die oesopbrengs deur die toedieningskapasiteit van 'n besproeiingstelsel beperk kan word. 'n Aanpassing in die bestuursbenadering kan dit egter verhoed.


6.5.3 Grondbone

Die gegewens vir die grondbonelokaliteite G73 en G74 word in Bylae 2.73.1 en 3 en 2.74.1 en 4 onderskeidelik verstrekk. Die oesopbrengsmikpunte was $4\,000\text{ kg ha}^{-1}$ en voorsiening is vir 50 mm reënopgaring gemaak. Die finale oesopbrengste en WVD word in Bylaag 2.4 gegee.

Beide lokaliteite was by dieselfde medewerker en dieselfde skeduleringsopsie is vir albei gebruik n.l. gedeeltelike aanvulling van die GWB (Afdeling 6.2.b) of wyse B t.o.v. toelaatbare onttrekking (Figuur 6.1,



FIGUUR 6.7. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit W22.




FIGUUR 6.8. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit W22.

Afdeling 6.3). Die grondprofiele was by veldwaterkapasiteit met planttyd en volgens beplanning moes dit met oestyd by veldwaterkapasiteit minus die reënopgaringskapasiteit, d.w.s. met 'n PWT van 50 mm eindig.


Soos in Figure 6.9 en 6.11 aangedui het die PWT slegs rondom dag 90 die onttrekking vir matige stremming effens oorskry. Die werklike PWVT en die GWB het in albei gevalle 'n goeie verwantskap met mekaar getoon, soos aangedui in Figure 6.10 en 6.12. Die werklike gewaswaterverbruik (ET) vir lokaliteit G74 (Figuur 6.12) was laer as die GWB tot dag 80 waarna dit goed met die GWB ooreengestem het. By lokaliteit G73 was die ET laer as die GWB tot dag 80 en daarna heelwat hoër tot ongeveer dag 120 waarna dit meer verwant aan die GWB was (Figuur 6.10). Die hoë gemete gewaswaterverbruik was die gevolg van oorbesproeiing (vergelyk Bylae 2.73.3 met 2.74.3) en dus perkolasieverliese. 'n Kantrol besproeiingstelsel is gebruik en die wind het met twee geleenthede, gedurende die periode dag 80 tot 120, veroorsaak dat daar dubbel die verlangde hoeveelheid op lokaliteit G73 besproei is. Die hoër watertoediening op lokaliteit G73 is nogtans deur 'n hoër as beplande oesopbrengs van $4\,848\text{ kg ha}^{-1}$ en WVD van $6,03\text{ kg ha}^{-1}\text{ mm}^{-1}$ weerspieël. Op lokaliteit W74 was die oesopbrengs laer as die mikpunt n.l. $3\,148\text{ kg ha}^{-1}$ met 'n WVD van $5,62\text{ kg ha}^{-1}\text{ mm}^{-1}$ (Bylaag 2.4).

6.5.4 Mielies


Die gegewens van die skeduleringslokaliteit M103 word in Bylae 2.103.1 en 3 en die oesopbrengs en ander gegewens word in Bylaag 2.5, verstrekk. Die oesopbrengsmikpunt was $10\,000\text{ kg ha}^{-1}$ en voorsiening is vir 50 mm reënopgaring gemaak. Die skeduleringsopsie wat gekies is was die gedeeltelike aanvulling van die GWB (Afdeling 6.2) of wyse B volgens toelaatbare onttrekking (Figuur 6.1, Afdeling 6.3). Daar is beplan om die seisoen af te sluit met 'n PWT gelyk aan die gereserveerde reënopgaringskapasiteit van 50 mm. As gevolg van die hoër as beplande gewaswaterverbruik tot dag 60 (Figuur 6.14) het die PWT vinniger as beplan toegeneem en die plante kon moontlik aan plantwaterstremming tussen dae 60 en 80 na plant onderwerp gewees het, soos aangedui in Figuur 6.13. Na dag 80 het alles weer soos beplan verloop behalwe dat die PWT aan




FIGUUR 6.9. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit G73.



FIGUUR 6.10. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit G73.



FIGUUR 6.11. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit G74.



FIGUUR 6.12. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit G74.


die einde van die seisoen, a.g.v. die hoë ET in die begin, ongeveer 100 mm i.p.v. die beplande 50 mm was (Figuur 6.13).

Soos aangedui in Figuur 6.14 was die werklike gewaswaterverbruik (ET) by geleenthede hoër as die beplande GWB en beide die ET en GWB was vir die eerste gedeelte van die groeiseisoen hoër as die werklike PWVT. Dié foutiewe PWVT kan slegs aan twee faktore toegeskryf kan word n.l. die gebruik van 'n te hoë blaarxileempotensiaal of te klein grondwortelkonduktansiekoëffisiënt met die berekening daarvan. Die te hoë blaarxileempotensiaal is die mees waarskynlike rede hiervoor omdat daar verwag kan word dat laer blaarxileempotensiale as -1 800 kPa tydens warm droë periodes kan voorkom. Die finale oesopbrengs van 8 026 kg ha⁻¹ was laer as die mikpunt van 10 000 kg ha⁻¹ maar 'n goeie WVD van 11,47 kg ha⁻¹ mm⁻¹ is gerealiseer.


6.6 Samevatting

Die gekombineerde gebruik van die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK), profielwatervoorsieningstempo (PWVT), stremmingsindeks (SI) en die daaglikse gewaswaterbehoefte (GWB) in besproeiingskedulering, is bespreek. Die skedulering van besproeiing volgens 'n waterbalansmetode met die daaglikse gewaswaterbehoefte, wat vir 'n spesifieke oesopbrengsmikpunt met gewaswaterbehoeftekurwes beraam kan word, is 'n eenvoudige bruikbare benadering. Die PBWK of reserwe plantopneembare water kan so bestuur word dat dit gedeeltelik aan die GWB gedurende die periode van piekwaterverbruik voorsien terwyl die balans deur besproeiing toegedien word. Voorsiening is vir verskillende waterbestuursopsies gemaak.

Die prosedure waarvolgens die funksie van die beraamde verandering in PBWK gedurende die groeiseisoen (toelaatbare onttrekking), voor matige of ernstige plantwaterstremming intree, in besproeiingskedulering gebruik kan word is bespreek. Dit bied 'n eenvoudige skeduleringsmetode indien dit moontlik is om periodiek die profielwatertekort binne die bewortelde profiel, met bv. 'n neutronmeter, te meet. Verskillende bestuursopsies kan gevolg word.



FIGUUR 6.13. Verandering in die profielbeskikbare waterkapasiteit (PBWK) en werklike profielwater-tekort (PWT) vir lokaliteit M103.



FIGUUR 6.14. Die profielwatervoorsieningstempo (PWVT), gewaswaterverbruik (ET) en berekende gewaswaterbehoefte (GWB) op verskillende metingsdae vir lokaliteit M103.

Besproeiingskedulering van koring, mielies en grondbone, volgens 'n watertoedieningsprogram wat met die gewaswaterbehoeftekurwes bereken is, is by die verskillende bestuursopsies uitgetoets. Die metode van toelaatbare onttrekking is by dieselfde lokaliteite gebruik om die watertoedieningsprogram te monitor. Die evaluasie het getoon dat goeie waterverbruiksdoeltreffendhede behaal word wanneer die aanbevole besproeiingskeduleringsprogramme stiptelik gevolg word.

Die prosedure waarvolgens die watertoedieningsprogramme vir spesifieke grond-gewastipe kombinasies by die verskillende bestuursopsies bereken kan word, is in 'n gebruikers vriendelike rekenaarprogram opgeneem, bekend as die besproeiingswater bestuursprogram (BEWAB).

HOOFSTUK 7

SAMEVATTENDE BESPREKING

Hierdie projek het in breë trekke oor die kwantifisering en bestuur van plantopneembare grondwater vir besproeiingsdoeleindes, deur van die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt en stremmingsverhouding gebruik te maak, gehandel. Die doel was om die verandering in die droë of onderste grens van die profielbeskikbare grondwater met verloop van die groeiseisoen te kwantifiseer. Die onderste grens van plantbeskikbare water is die vlak waartoe grondwater uit die profiel onttrek kan word voordat plantwaterstremming begin intree. Twee tipes plantwaterstremming, n.l. matige of atmosferiese geïnduseerde en ernstige of grondgeïnduseerde plantwaterstremming, is gedefinieer. Die boonste of nat grens van die profielbeskikbare water is die waterinhoud waarby die oormaat water deur afwaartse dreinasië verwyder is. Die boonste grens van plantbeskikbare water is redelik konstant deur die groeiseisoen. Die verskil tussen die boonste en onderste grens van die plantbeskikbare water in die bewortelde grondprofiel, is die profielbeskikbare waterkapasiteit.

'n Regressievergelyking waarmee die boonste grens van plantopneembare water vanaf die slik plus kleipersentasieverspreiding deur die grondprofiel bereken kan word, is afgelei. Dit is ook bewys dat die onderste grens van plantbeskikbare water vanaf die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt, bewortelingsdigtheid, relatiewe waterinhoud, grond- en plantwaterpotensiaal bereken kan word. Die kwantifisering of beraming van elk van die genoemde veranderlikes is bestudeer.

'n Algemene waterretensievergelyking waarmee die grondwaterpotensiaal vanaf die volumetriese waterinhoud bereken kan word is vanaf beskikbare vergelykings in die literatuur saamgestel. Die koëffisiënte vir die waterretensievergelyking vir elke grondlaag word vanaf die persentasie slik plus klei beraam.

'n Empiriese wortelgroeimodel wat op die Gerwitz & Page (1974) model gebaseer is, is ontwikkel. Hierdie model kan gebruik word om die verandering in die bewortelingsdigtheid van koring, mielies, grondbone

en katoen in die grondprofiel gedurende die groeiseisoen, te voorspel.

Kritiese blaaxileempotensiale waarby ernstige plantwaterstremming geïdentifiseer is, is genoteer vir gebruik in die model waarmee die profielbeskikbare waterkapasiteit vir verskillende grond- gewastipe kombinasies bereken kan word. Die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt is vir 'n groot verskeidenheid gronde en gewastipes nl. met koring, mielies, grondbone, katoen en erte te Sandvet, Vaalharts en Ramah, vanaf sekere insetparameters bereken. Daar is vasgestel dat die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir 'n spesifieke gewas 'n funksie van die slik plus kleipersentasie van die grond is.

Al hierdie gegewens is gebruik om 'n model saam te stel waarmee die profielbeskikbare waterkapasiteit van spesifieke grond-gewastipe kombinasies onder verskillende toestande en met verloop van die groeiseisoen bereken kan word.

Die tweede fase van die projek het oor die gebruik en bestuur van die profielbeskikbare waterkapasiteit in die vasstelling van ontwerpvereistes vir besproeiingstelsels en in die skedulering van besproeiingswater, gehandel. Oesopbrengs-waterverbruiksfunksies is verfyn waarmee die totale gewaswaterbehoefte per seisoen bereken kan word. Daaglikse gewaswaterbehoeftekurwes, waarmee die daaglikse gewaswaterverbruik by 'n spesifieke oesopbrengsmikpunt beraam kan word, is vir die onderskeie gewastipes afgelei. Formules is afgelei waarmee die watertoedieningsbehoefte van 'n besproeiingstelsel, met in agneming van die profielbeskikbare waterkapasiteit en die gewaswaterbehoefte, bereken kan word.

Die verskillende wyses waarop die toediening van besproeiingswater geskeduleer kan word is gedemonstreer en in die praktyk uitgetoets. Die skedulering van besproeiing volgens die waterbalansmetode was suksesvol en dit is 'n eenvoudige en maklik bruikbare wyse van beheer oor watertoediening. Die metodiek waarvolgens 'n watertoedieningsprogram vir die hele groeiseisoen bereken kan word is volledig behandel en verduidelik. Dieselfde geld vir die prosedure waarvolgens 'n toelaatbare wateronttrekkingskurwe vir die hele groeiseisoen van spesifieke

grond-gewastipe kombinasies bereken kan word. Om die toepassing van hierdie resultate in die praktyk te verseker en bespoedig is al die berekeningsprosedures in 'n rekenaarprogram, bekend as die besproeiingswater bestuursprogram (BEWAB) vervat.

Hierdie verslag bevat baie bruikbare inligting om besluitneming oor die ontwerptoe dieningsvereistes van besproeiingstelsels en besproeiingskedulering op die plaas te vergemaklik. Die wyse waarop die data verwerk is, is op die praktyk en op die direkte toepassing daarvan geskoei. Kritiek kan teen die baie veralgemenings wat gebruik is uitgespreek word. Die outeurs was egter na 4 jaar se intensiewe metings in besproeiingslande op boere se plase van mening dat die groot variasie wat voorgekom het en die verskeidenheid van eksterne faktore waaroor geen of min beheer uitgeoefen kan word die vereenvoudiging van die magdom versamelde gegewens genoodsaak het.

